

**ENKELE OPMERKINGS OOR DIE
WESENLIKHEIDSVEREISTE
IN DIE LIG VAN**

**QILINGELE V SOUTH AFRICAN MUTUAL
LIFE ASSURANCE SOCIETY
1993(1) SA 69(A)**

Deur

JOHAN JOOST STRYDOM

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER LEGUM

aan die

Universiteit van Suid-Afrika

**Studieleier: Prof PH Havenga
Junie 1996**

OPSOMMING

Wanvoorstelling van wesenlike feite deur *omissio* aan 'n versekeraar kan tot gevolg hê dat die versekeringskontrak ongeldig verklaar word ingevolge die gemene reg. In *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) is beslis dat wesenlikheid bepaal moet word vanuit die oogpunt van die redelike man.

In 'n poging om bewys van die wesenlikheid van feite te vermy, het versekeraars vereis dat aansoekers die voorstellings in die kontrak moet waarborg. Dit het tot gevolg gehad dat voorstellings wat in die kontrak gewaarborg is outomaties wesenlik was.

Sedert die invoering van artikel 63(3) van die Versekeringswet 27 van 1943 deur die wetgewer gedurende 1969, is die wesenlikheid van voorstellings egter 'n vereiste, selfs waar dit in die kontrak gewaarborg is. Versekeraars sou dus in die toekoms nie agter kontraktuele wanvoorstellings kon skuil nie. Hierdie maatreël het meer beskerming aan die versekerde gebied.

In *Qilinge v South African Mutual Life Assurance Society* 1993 (1) SA 69 (A) is die toets vir wesenlikheid, soos vereis deur artikel 63(3), aangespreek. Dit het die vraag laat ontstaan of daar twee aparte toetse vir wesenlikheid bestaan, naamlik gemeenregtelik en statutêr, en of daar een algemene toets bestaan.

SUMMARY

Misrepresentation by *omissio* of material facts to an insurer may lead to an insurance contract being declared invalid in terms of the common law. In *Mutual and Federal Insurance v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) it was decided to determine materiality in the eyes of the reasonable man.

To avoid proving materiality of facts, the insurers required proposers to warrant the representations in the contract. This resulted in the facts automatically being material.

In 1969 parliament, however, enacted section 63(3) of the Insurance Act 27 of 1943 whereby materiality of presentations, even where it was warranted in the contract, became a requirement. Therefore insurers could in future not hide behind contractual misrepresentations. This provided more protection to the insured.

Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society 1993 (1) SA 69 (A) addresses the test for materiality as required by section 63(3). This resulted in the question whether two separate tests for materiality in terms of common law and statute, or only one exists.

Key Terms

Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society 1993 (1) SA 69 (A); Section 63(3) of the Insurance Act 27 of 1943; representations; material facts; insurance contract, misrepresentations, warranty, tests for materiality; duty of disclosure; *omissio*.

INHOUDSOPGawe

Bladsy

1 INLEIDING	1
2 WANVOORSTELLING	6
2.1 Versekerde se openbaringsplig	11
2.2 Wesenlikheid	17
3 WAARBORGE	23
4 STATUTÈRE INGRYPING	28
4.1 Voorstellings	30
4.2 Wesenlikheid	34
5 QILINGELE V SOUTH AFRICAN MUTUAL LIFE ASSURANCE SOCIETY	35
6 OPSOMMING	48
BIBLIOGRAFIE	49
SAKELYS	53

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE WESENLIKHEIDSVEREISTE IN DIE LIG VAN *QILINGELE V SOUTH AFRICAN MUTUAL LIFE ASSURANCE SOCIETY 1993 (1) SA 69(A)*

1 INLEIDING

'n Versekeringskontrak is al gedefinieer as

'A contract between an insurer (or assurer) and an insured (or assured), whereby the insurer undertakes in return for the payment of a price or premium to render the insured a sum of money, or its equivalent, on the happening of a specified uncertain event in which the insured has some interest'.¹

Hieruit is dit duidelik dat 'n versekeringskontrak net nog 'n soort verbintenisskeppende ooreenkoms of kontrak is en dat die normale vereistes vir die totstandkoming van 'n geldige kontrak geld.

Gemeenregtelik kan die gevolge van 'n geldige versekeringskontrak dus ongedaan gemaak word weens die aanwesigheid van die gewone gronde vir die vernietigbaarheid van enige kontrak, te wete dwang, onbehoorlike beïnvloeding en wanvoorstelling.² In hierdie bespreking word gekonsentreer op wanvoorstelling as grond vir die vernietigbaarheid van 'n versekeringskontrak. Een van die vereistes vir die daarstelling van 'n wanvoorstelling is onregmatigheid. Onregmatigheid word op sy beurt weer getoets deur wesenlikheid.³

Voorstellings is slegs onregmatig indien wesenlike feite, ten opsigte waarvan daar 'n plig bestaan om te openbaar,⁴ nie openbaar is nie. Dié vereiste is gegrond op die beginsel van goeie trou wat by versekeringskontrakte geld.

1 RW Lee & AM Honore *The South African Law of Obligations* 2 uitg (1978) 181; Soos met goedkeuring na verwys in Lake and others, *NNO v Reinsurance Corporation Ltd and others* 1967 (3) 124 (W) 127 en *Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guards (Pty) Ltd* 1972 (1) 478 (W) 480. In die vonnisbespreking van die Lake-saak deur MFB Reinecke (1968) 31 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (THRHR)* 75, word kritiek teen hierdie definisie uitgespreek, aangesien in gedagte gehou moet word dat 'n versekeringskontrak 'n wederkerige kontrak is en dat aanspreeklikheid gevvolglik eers ontstaan as die eiser reeds presteer het of prestasie aangebied het.

2 JC de Wet & AH van Wyk *SA Kontraktereg en Handelsreg* 5 uitg (1992) 2-53.

3 MFB Reinecke & SWJ van der Merwe *General Principles of Insurance* (1989) par 121 en 135 (hierna *General Principles*).

4 Idem op par 134.

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE WESENLIKHEIDSVEREISTE IN DIE LIG VAN *QILINGELE V SOUTH AFRICAN MUTUAL LIFE ASSURANCE SOCIETY 1993 (1) SA 69(A)*

1 INLEIDING

'n Versekeringskontrak is al gedefinieer as

'A contract between an insurer (or assurer) and an insured (or assured), whereby the insurer undertakes in return for the payment of a price or premium to render the insured a sum of money, or its equivalent, on the happening of a specified uncertain event in which the insured has some interest'.¹

Hieruit is dit duidelik dat 'n versekeringskontrak net nog 'n soort verbintenisskeppende ooreenkoms of kontrak is en dat die normale vereistes vir die totstandkoming van 'n geldige kontrak geld.

Gemeenregtelik kan die gevolge van 'n geldige versekeringskontrak dus ongedaan gemaak word weens die aanwesigheid van die gewone gronde vir die vernietigbaarheid van enige kontrak, te wete dwang, onbehoorlike beïnvloeding en wanvoorstelling.² In hierdie bespreking word gekonsentreer op wanvoorstelling as grond vir die vernietigbaarheid van 'n versekeringskontrak. Een van die vereistes vir die daarstelling van 'n wanvoorstelling is onregmatigheid. Onregmatigheid word op sy beurt weer getoets deur wesenlikheid.³

Voorstellings is slegs onregmatig indien wesenlike feite, ten opsigte waarvan daar 'n plig bestaan om te openbaar,⁴ nie openbaar is nie. Dié vereiste is gegrond op die beginsel van goeie trou wat by versekeringskontrakte geld.

1 RW Lee & AM Honore *The South African Law of Obligations* 2 uitg (1978) 181; Soos met goedkeuring na verwys in Lake and others, *NNO v Reinsurance Corporation Ltd and others* 1967 (3) 124 (W) 127 en *Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guards (Pty) Ltd* 1972 (1) 478 (W) 480. In die vonnisbespreking van die Lake-saak deur MFB Reinecke (1968) 31 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (THRHR)* 75, word kritiek teen hierdie definisie uitgespreek, aangesien in gedagte gehou moet word dat 'n versekeringskontrak 'n wederkerige kontrak is en dat aanspreeklikheid gevvolglik eers ontstaan as die eiser reeds presteer het of prestasie aangebied het.

2 JC de Wet & AH van Wyk *SA Kontraktereg en Handelsreg* 5 uitg (1992) 2-53.

3 MFB Reinecke & SWJ van der Merwe *General Principles of Insurance* (1989) par 121 en 135 (hierna *General Principles*).

4 Idem op par 134.

Aanvanklik het ons howe, in navolging van die Engelse reg bevestig dat versekeringskontrakte, kontrakte *uberrimae fidei* (hoogste goeie trou)⁵ is.

In *Fine v The General Accident, Fire and Life Assurance Corporation Ltd*⁶ maak Solomon AR die stelling dat

'it is well-settled Law that insurance policies are contracts *uberrimae fidei* and that consequently there is a greater duty cast upon an insurer (sic) regarding disclosure of facts known to him than there is in ordinary contracts'.

Ook in *Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd*⁷ haal De Villiers AR die Engelse beslissing, *Brownlie v Campbell*⁸ met instemming soos volg aan:

'In policies of insurance..., there is an understanding that the contract is *uberrima fides*, that if you know any circumstances at all that may influence the underwriter's opinion as to the risk he is incurring, and consequently as to whether he will take it, you will state what you know. There is an obligation there to disclose what you know; and the concealment of a material circumstance known to you, whether you thought it material or not, avoids the policy'.

Hieruit het die verhewe, gemeenregtelike vereiste ontstaan dat die aansoeker alle wesenlike feite moet openbaar.

Hasson⁹ & Merkin¹⁰ kritiseer egter die basis en meriete van hierdie leerstelling. Hasson is van mening dat die leerstelling as gevolg van verkeerde uitleg van die Engelse

5 *Fine v The General Accident, Fire and Life Assurance Corporation Ltd* 1915 AD 213, 218; *Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd* 1922 AD 33, 40; *Bodemer NO v American Insurance Co* 1961 (2) SA 662 (A) 668; *Pereira v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1975 (4) SA 745 (A) 755E.

6 Supra noot 5 op 218.

7 Supra noot 5 op 40.

8 1880 (5) AC 954.

9 RA Hasson 'The Doctrine of Uberrima Fides in Insurance Law - A Critical Evaluation' (1969) 32 *Modern Law Review* (*Modern LR*) 615.

10 R Merkin 'Uberrimae Fidei Strikes Again' (1976) 39 *Modern LR* 478.

hofuitsprake ontstaan het. Die plig van die versekeraar word gerifelikheidshalwe op die agtergrond geskuif.

Merkin¹¹ maak ook die volgende stelling in sy artikel:

'There are certain statements used by lawyers which, in addition to presenting a fact, presume a conclusion and justify it as well. One such statement is "[c]ontracts of insurance are contracts *uberrimae fidei*". A plaintiff who hears a judge utter these words is best advised to ask for the costs bill and go home, for not only is he subject to the contractual duty to avoid material misrepresentation but also to the insurance rule to disclose material facts. All too often judges have blindly used these words as an excuse for ignoring the merits of an insurance claim'.

In Suid-Afrika is die korrektheid van die standpunt rondom die openbaringsplig en die *uberrima fides*-eienskap wat aan die versekeringskontrak geheg is, vir die eerste keer in *Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd*¹² bevraagteken. Roberts AR het gepoog om die beginsels van die openbaringsplig by 'n versekeringskontrak in ooreenstemming met dié van ander konakte te bring:

'In some contracts parties are required to place their cards on the table to a greater extent than in others, but the determination of the extent of the disclosure does not depend on the label we choose to stick on a contract. The principles applicable to contracts of insurance do not differ in essence from those applicable to other kinds of contracts, but where one party has means of knowledge not accessible to the other party, and where from the nature of the contract the latter (as in the case of insurance) binds himself on the basis that all material facts have been communicated to him, the non-disclosure of any such fact is fatal'.

Hierdie beginsel van goeie trou, is finaal verwerp deur die Appèlhof in *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality*.¹³ In dié saak het 'n eienaar van 'n lughawe wat aansoek gedoen het vir 'n aanspreeklikheidspolis verswyg om die aanwesigheid van 'n elektriese paal (wat gevvaar inhou vir die vlieëniers) naby 'n bepaalde aanloopbaan te openbaar. Die versekerde was bewus van die gevare in verband met die paal.

11 Ibid.

12 Supra noot 13 op 185.

13 Supra noot 4 op 433.

In die meerderheidsbeslissing van Joubert AR, verduidelik hy dat die Engelse reg met betrekking tot brand-, lewens- en seeversekering nie meer bindend is nie. Hy voer aan dat ‘the South African law of insurance is governed mainly by Roman-Dutch law as our common law’.¹⁴ Hy voer verder aan dat die beginsel van hoogste goeie trou (*uberrimae fidei*) ongeveer teen 1850 in Engeland posgevat het en ook in Suid-Afrika ingeburger geraak het. Vir hierdie gebruik vind die hof geen gesag in ons gemeenregtelike bronne nie. Volgens Joubert AR is daar ‘no magic in the expression *uberrima fides*. There are no degrees of good faith. It is entirely inconceivable that there could be a little, more or most (utmost) good faith’.¹⁵ Hy kom tot die gevolg trekking dat die leerstuk ‘an alien, vague, useless expression without any particular meaning in law’ is en dat ‘[o]ur law has no need for *uberrima fides* and the time has come to jettison it’.¹⁶

Joubert AR toon vervolgens aan dat versekeringskontrakte kontrakte *bonae fidei* is. Daar rus ‘n plig op sowel die versekerde as die versekeraar om voor sluiting van die kontrak wesenlike feite rakende die risiko of die berekening van die premie te openbaar. Verbreking van hierdie plig kom vir die hof neer op *male fides* of bedrog op grond waarvan die verontregte party die kontrak kan kanselleer.¹⁷ Die plig om te openbaar, ontstaan *ex lege* en is nie ‘n uitvloeisel van die *bona fides* nie.¹⁸

Op die feite van die onderhawige geval beslis die Appèlhof dan dat die versekerde oor werklike kennis van die betrokke inligting beskik het, dat dit wesenlik was en dat hy dit moes openbaar het.

Aanvanklik het daar onsekerheid in ons versekeringsreg bestaan oor wat die gemeenregtelike wesenheidstoets by wanvoorstelling is. Verskeie toetse is geformuleer. Die Appèlhof het in *Mutual en Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn*

14 Idem op 430G.

15 Op 433C.

16 Op 433F.

17 Op 432F.

18 MFB Reinecke en EA Becker ‘Die Openbaringsplig by Versekering: Uberrima Fides Oorboord’ 1985 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* (TSAR) 86-92, kritiseer die beslissing ten opsigte van die begrippe *male fides* en *ex lege* (die bespreking daarvan val egter buite die omvang van hierdie dokument).

*Municipality*¹⁹ beslis dat dit vanuit die oogpunt van die redelike man vasgestel moet word of die inligting as wesenlik met betrekking tot die berekening van die risiko beskou kan word.

Ten einde hierdie bewyslas van die versekeraar om objektiewe wesenlikheid aan te duif, te verlig, is daar 'n metode gevind om stellings in die kontrak self te inkorporeer en sodoende kontraktuele bepalings te skep. Hiervolgens moet 'n versekerde die juistheid van sy voorstellings waarborg en is die versekeraar geregtig om by verbreking daarvan uit die kontrak te tree, nieteenstaande die feit dat so 'n voorstelling nie wesenlik is nie. Die blote verbreking van 'n versekeringswaarborg stel die versekeraar in staat om uit die versekeringskontrak te tree.

Hierdie tegniek is egter misbruik en het tot baie kritiek aanleiding gegee aangesien 'n versekeraar hom op waarborgbreuk kon beroep ten spyte daarvan dat die valse voorstelling die versekeraar nie benadeel nie. 'n Voorbeeld van so 'n geval is *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*²⁰ waar die versekeraar in 'n motor-korttermynversekeringseis aanspreeklikheid ontken het weens die feit dat die aansoeker op die aansoekvorm verklaar het dat sy ouderdom op sy volgende verjaarsdag 22 sou wees. In werklikheid sou dit 23 wees. Hierdie "fout" was irrelevant met betrekking tot die risikobepaling.

Enige, selfs irrelevante inligting met betrekking tot die risikobepaling, wat in die aansoekvorm verstrek is, het gemeenregtelik die versekeraar in staat gestel om uit die versekeringskontrak te tree.

Dit het die wetgewer genoop om in 1969 in te gryp en by wyse van artikel 63(3) van die Versekeringswet²¹ die posisie statutêr te reël. Voortaan sou 'n versekeraar ingevolge artikel 63(3) dan ook wesenlikheid in 'n geval van waarborgbreuk moes aantoon.

Gemeenregtelik sou wesenlikheid, soos in artikel 63(3) vereis, ook ingevolge die *Oudtshoorn Municipality*-toets vasgestel moes word. Toe volg *Qilingele v South African*

19 1985(1) SA 419 (A).

20 1968(2) 238 (E).

21 Wet 27 van 1943 (hierna die Wet).

*Mutual Life Assurance Society*²² waarin die Appèlhof die geleentheid gekry het om te beslis wat die toets vir wesenlikheid, soos ingevolge artikel 63(3) vereis, is.

Die doel van hierdie bespreking is om krities na die effek van hierdie beslissing op die wesenlikheidsvereiste te kyk en dit in die lig van ons algemene versekeringsregtelike beginsels te evalueer.

2 WANVOORSTELLING

Alvorens die *Qilingele*-saak bestudeer word, word die algemene beginsels in ons versekeringsreg eers kortliks bespreek.

In die versekeringskontrak is voorkontraktuele wanvoorstellings sekerlik die mees algemene grond vir vernietigbaarheid.

Indien die versekeraar hom wil beroep op 'n wanvoorstelling, en gevvolglik op 'n vernietigingsremedie en/of skadevergoeding, moet die gewone vereistes vir die daarstelling van 'n onregmatige daad of 'n delik aanwesig wees. Die volgende moet dus bewys word:

- (a) Daar moet bewys word dat die versekeringsaansoeker die handeling verrig het, met ander woorde dat die valse voorstelling gemaak is deur die versekerde self of deur iemand vir wie se dade hy aanspreeklik is.²³ Die komplekse beginsel van verteenwoordiging tussen die versekeringsaansoeker en die versekeraarsagent, wat later hierin aangeraak word,²⁴ kom hier ter sprake.

Gemeenregtelik kan wanvoorstelling, soos enige ander onregmatige daad, die vorm van 'n positiewe dadigheid of 'n doen (*commissio*), byvoorbeeld 'n valse

22 1993(1) SA 69 (A) (hierna *Qilingele*-saak 1993).

23 *Bodemer, NO v American Insurance Co* 1960 (4) 428 (T); Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 121.

24 Kyk par 3 Die Versekeraar se Openbaringsplig op 11 ev infra.

antwoord op 'n vraag, of 'n negatiewe handeling of late (*omissio*) aanneem.²⁵ Die nie-openbaarmaking van inligting (*wesenlike inligting*) is 'n voorbeeld van 'n *omissio* of negatiewe wanvoorstelling.

Alhoewel die opinie aanvanklik in die Suid-Afrikaanse reg gehuldig is dat 'n blote late nie tot deliktuele aanspreeklikheid aanleiding kon gee sonder 'n voorafgaande handeling nie, het die Appèlhof²⁶ by monde van Rumpff AR, aangedui dat deliktuele aanspreeklikheid op grond van 'n late nie beperk is tot gevalle waar daar 'n sekere voorafgaande gedrag is nie.

Waar partye in 'n besondere verhouding tot mekaar staan, word geleer dat 'n *omissio* aan die kant van een van die partye tot nadeel van die ander, eersgenoemde deliktuele aanspreeklikheid op die hals kan haal.²⁷

In die versekeringskonteks word algemeen aanvaar dat daar sodanige vertrouensverhouding tussen die aansoeker om versekering en die versekeraar bestaan.²⁸

- (b) Daar moet tweedens bewys word dat die voorstelling (hetsy deur middel van 'n handeling of late) onregmatig was.²⁹ In die algemeen is 'n handeling onregmatig indien dit teenstrydig is met 'n redelike optrede in die omstandighede.³⁰
-

25 NJ van der Merwe & PPJ Olivier *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* 5 uitg (1985)
29; J Neethling, JM Potgieter & PJ Visser *Law of Delict* 2 uitg (1994) 51, 68; *Minister of Forestry v Quathlamba (Pty) Ltd* 1973 (3) SA 69 (A) 82; *Van der Merwe Burger v Municipality of Warrenton* 1987 (1) 899 (NK).

26 *Minister van Polisie v Ewels* 1975 (3) SA 590 (A).

27 Van der Merwe & Olivier op cit noot 25 op 45.

28 *Gordon and Getz on The South African Law of Insurance* 4 uitg (1993) deur DM Davis 111 (hierna Gordon & Getz); *Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1961 (1) 178 (T).

29 Kyk par 3. Die versekerde se Openbaringsplig 11 ev infra; Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 121.

30 Idem par 123.

Aangesien dit hier gaan oor onregmatigheid, en ons te make het met die gemeenskapsopvatting,³¹ is die toets vir onregmatigheid 'n objektiewe toets.³²

- (c) Derdens moet bewys word dat die versekeraar deur die voorstelling beweeg is tot die sluiting van die versekeringskontrak in sy huidige vorm (met ander woorde oorsaaklikheid of kousaliteit).³³

MacGillivray & Parkington³⁴ haal die beslissing in *Palsford v Richards*³⁵ aan dat '[t]here must be a representation "dans locum contractui", that is, a representation giving occasion to the contract'.

Klaarblyklik bepaal die howe die aanwesigheid van oorsaaklikheid deur gebruikmaking van 'n feitelike en juridiese toets. Aanvanklik moet vasgestel word of daar 'n feitelike verband tussen die voorstelling en die sluiting van die kontrak was. Tweedens moet bepaal word of die voorsteller regtens aanspreeklik gehou kan word vir sy voorstelling wat tot die kontrak aanduiding gegee het.³⁶

- (d) In ooreenstemming met die algemene beginsels van deliktereg behoort 'n wanvoorstelling slegs tot aanspreeklikheid aanleiding te gee indien dit gepaardgaan met skuld (*culpa*).³⁷

31 *Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A) 679.

32 Neethling et al op cit noot 25 op 70.

33 Kyk Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 121.

34 *MacGillivray & Parkington on Insurance Law* 8 uitg (1988) deur Michael Parkington (alg red) Nicholas Legh-Jones, Andrew Longmore & John Birds par 148, 249 (hierna *MacGillivray & Parkington*).

35 1853 17 Beav 87, 96.

36 Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 136.

37 Idem par 137.

Die aan-of afwesigheid van skuld gee dikwels, uit 'n praktiese oogpunt, 'n aanduiding van verskillende tipe wanvoorstellings. Daar word onderskeid getref tussen opsetlike-, nalatige- en skuldlose wanvoorstelling.³⁸

'n Persoon wat 'n voorstelling maak terwyl hy bewus is dat dit vals is of roekeloos is ten opsigte van of die feite vals is al dan nie, en dit gemaak het met die doel om die ander te mislei, pleeg 'n opsetlike wanvoorstelling (of bedrog).³⁹ Die normale remedies vir wanvoorstelling,⁴⁰ is in so 'n geval beskikbaar.⁴¹

In *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk*⁴² het die Appèlhof beslis dat nalatige wanvoorstelling as deliktuele eisgrond bestaan en dat skadevergoeding toegeken kan word indien dit tot vermoënsverlies aanleiding gegee het.

In *Kern Trust (Edms) Bpk v Hunter*⁴³ beslis Friedman J dat

'The only question which arises in this exception is whether in our law an action lies for damages at the instance of a party who claims to have been induced to enter into a contract by a negligent misstatement made by the other party to the transaction. --- In my view, in the light of the clear recognition by the Appelate Division in the *Administrateur, Natal* case of an action for damages for negligent misstatements outside the contractual field, no sound reason based either in principle or in logic, why an action for negligent misstatements inducing a contract, should not receive similar recognition. Such an action fits squarely within the confines of the *lex Aquilia* and, although the precise scope of the action will require definition, the existence of the action itself must, in principle, be acknowledged'.

38 Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe & Lotz *Contract General Principles* 1 uitg (1993) 81.

39 De Wet & Van Wyk *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* op cit noot 2 46; Neethling, Potgieter & Visser *Law of Delict* op cit noot 25 op 117.

40 Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 138. Indien die normale vereistes van 'n delik aanwesig is, ontstaan sekere deliktuele aksies. Die benadeelde party het 'n keuse om terug te tree uit die kontrak (met 'n eis vir *restitutio in integrum*) of andersyds om voort te gaan met die kontrak. Ooreenkomsdig die algemene beginsels van deliktereg het die benadeelde party ook 'n skadevergoedingseis ongeag of die wanvoorstelling opsetlik of nalatig is.

41 Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe & Lotz *Contract General Principles* op cit noot 38 op 81.

42 1979 (3) SA 824 (A).

43 1981 (3) 607 (K) 616.

Ook in *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost*⁴⁴ is beslis dat in die lig van bogenoemde appèlhofbeslissing daar geen rede bestaan om nie 'n aksie te erken vir skade weens nalatige wanvoorstelling wat aanleiding gee tot 'n kontrak nie. Corbett AR beslis dat indien

'justice requires a remedy for negligent misstatement made by and to persons who are not in any contractual relationship, then it seems to me that justice equally requires that there be a remedy for a negligent misstatement which is made by one contracting party to the other and which induces a contract'.⁴⁵

In die versekeringsreg kan die versekeraar terugtree uit die kontrak selfs al het die voorsteller geen skuld nie. In *Labuschagne v Fedgen Insurance Ltd*⁴⁶ bevind die hof dat selfs onskuldige, valse, wesenlike voorstellings terugtrede vir die versekeraar regverdig: 'innocent misrepresentation of a material fact provides a basis for avoiding a policy of insurance'.

Skuldlose wanvoorstelling laat in beginsel egter nie 'n eis om skadevergoeding toe nie.⁴⁷

- (e) Waar 'n skadevergoedingseis op wanvoorstelling gebaseer word, moet vermoënskade as gevolg van die wanvoorstelling, aangetoon word.⁴⁸

Indien 'n persoon egter terugtree uit 'n kontrak weens wanvoorstelling, maar nie skadevergoeding eis nie, bestaan daar geen rede hoekom die persoon in geval van 'n opsetlike- en/of nalatige wanvoorstelling, wat met ander woorde reeds onregmatig is, nog moet skade aantoon nie.⁴⁹

44 1991 (4) SA 559 (A).

45 Op 568H.

46 1994 (2) 228 (W) 235.

47 Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe & Lotz *Contract General Principles* op cit noot 38 op 113.

48 Idem op 84.

49 Ibid.

In die praktyk speel skade reeds 'n rol wanneer onregmatigheid bepaal word. Die feit dat die wanvoorsteller werklik die skade veroorsaak het, kan dus 'n belangrike faktor wees om te bepaal dat die voorstelling so onredelik was om onregmatig te wees.⁵⁰

Net so kan skade ook 'n aanduiding wees van die kousaliteit-vereiste by wanvoorstelling, met ander woorde, dat die benadeelde kontrak in werklikheid veroorsaak is deur die wanvoorstelling.⁵¹

2.1 Die versekerde se openbaringsplig

Soos hierbo genoem, vereis die algemene beginsels van deliktuele aanspreeklikheid dat die voorstelling onregmatig moet wees. So 'n voorstelling is slegs onregmatig indien daar 'n plig bestaan om feite te openbaar.⁵² Die omvang en inhoud van die versekeringsaansoeker se openbaringsplig word dus beperk tot die openbaring van wesenlike feite waarvan hy kennis dra (werklik of toegerekend) voor kontraksluiting⁵³. In *Joel v Law Union and Crown Insurance Co*⁵⁴ is beslis dat '... you cannot disclose what you do not know. The obligation to disclose, therefore, necessarily depends on the knowledge you possess'.

Die vraag kan tereg gevra word of die trefwydte van hierdie plig enigsins beperk word. Reeds so vroeg as 1766 het die hof in *Carter v Boehm*⁵⁵ in Engeland beslis dat 'n aansoeker feite waarvan hy kennis dra, selfs uit eie beweging moet openbaar. Die hof stel dit soos volg:

‘The special facts, upon which the contingent chance is to be computed, lie most commonly in the knowledge of the insured only; the under-writer trusts to his

50 Ibid; Neethling, Potgieter & Visser *Law of Delict* op cit noot 25 op 203.

51 Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe & Lotz *Contract General Principles* op cit noot 38 op 84; Neethling & Visser *Law of Delict* op cit noot 25 op 205.

52 Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 134.

53 Gordon & Getz op cit noot 28 op 107.

54 [1908] 2 KB 884.

55 1766 Burr 1905, 97 ER 1162.

representation, and proceeds upon confidence that he does not keep back any circumstance in his knowledge, to mislead the under-writer into a belief that the circumstance does not exist, and to induce him to estimate the risque, as if it did not exist. The keeping back such circumstance is a fraud, and therefore the policy is void. Although the suppression should happen through mistake, without any fraudulent intention, yet still the under-writer is deceived, and the policy void; because the risque run is really different from the risque understood and intended to be run, at the time of the agreement'.

Ook in Suid-Afrika is beslis dat die vrae wat in die aansoekvorm voorkom nie die aansoeker se openbaringsplig beperk nie.⁵⁶ Wille & Millin⁵⁷ is ook van mening dat die versekeringsaansoeker se plig nie beperk is tot die verskaffing van eerlike en korrekte antwoorde op vrae nie. Dit is sy plig om enige feit wat 'n wesenlike invloed op die risiko het, vrywillig te verskaf al vra die versekeraar nie vir sulke inligting nie. Dit beteken egter nie dat die plig deurlopend (selfs ná kontraksluiting) is nie.⁵⁸

Reinecke & Van der Merwe⁵⁹ ondersteun ook hierdie standpunt. Voorts moet die kliënt 'n wesenlike feit openbaar hetsy vrae daaroor gevra word al dan nie.⁶⁰

Trakman⁶¹ beveel egter aan dat die aansoeker se openbaringsplig direk verband moet hou met die vrae wat deur die versekeraar gevra word. Deur te vereis dat meer geopenbaar moet word as wat die versekeraar vrae oor vra, skep 'n potensieel onbillike dilemma. Die versekeraar is immers bewus van watter inligting hy verlang en kan hierdie inligting in 'n aansoekvorm aanvra.

Ook Merkin stem saam met Trakman:

-
- 56 *Whyte's Estate v Dominion Insurance Co of SA Ltd* 1945 TPD 382; *Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd* supra noot 5; *Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurance Ltd* 1976 (4) 970 (W).
 - 57 *Wille & Millin's Mercantile Law of South Africa* 18 uitg (1984) geredigeer deur JF Coaker & DT Zeffertt 577 (hierna *Wille & Millin*).
 - 58 Kyk op 16 infra.
 - 59 *General Principles* op cit noot 3 par 134.
 - 60 *Fine v The General Accident, Fire and Life Assurance Association Ltd* supra noot 5.
 - 61 LE Trakman 'Mysteries Surrounding Material Disclosure in Insurance Law' 1984 *University of Toronto Law Journal* (Toronto LJ) 433.

'The logical view to take is surely that if an insurance company thinks these are material it should ask express questions about them, ...'.⁶²

Havenga⁶³ dui aan dat 'n mens hier te make het met twee benaderings. Enersyds, dat die vrae wat die versekeraar vra nie die openbaringsplig van die versekerde beperk nie. Andersyds kan die versekeraar, indien daar van 'n aansoekvorm met vrae gebruik gemaak word, nie later beweer dat 'n feit wat buite die trefwydte van sy vrae val, wesenlik is en as gevolg van die nie-openbaarmaking van die feit aanspreeklikheid ontken nie. Hy stel voor dat die antwoord, ten minste wat lewensversekering betref, lê in 'n benadering wat elemente van beide bevat. By die sluit van 'n lewensversekeringskontrak handel die openbaringsplig primêr oor die inligting wat betrekking het op die lewensverwagting van die aansoeker. Enige vrae ten opsigte van die gesondheidstoestand van die aansoeker moenie afbreuk doen aan die openbaringsplig van die aansoeker om alle wesenlike inligting met betrekking tot sy gesondheidstoestand en lewensverwagting te openbaar nie. Inligting wat ander aangeleenthede raak, byvoorbeeld die aansoeker se finansiële posisie, moet as sekondêre inligting beskou word. In laasgenoemde geval behoort die versekeraar nie te slaag in 'n beroep op die nie-openbaarmaking van wesenlike inligting indien die versekeraar nie spesifieke vrae daaroor gevra het nie. Dit impliseer dan dat indien die versekeraar nie vrae oor die aangeleentheid vra nie, dit nie as wesenlik beskou kan word nie.

Daar rus egter geen openbaringsplig op die aansoeker waar die feit die risiko vir die versekeraar verminder,⁶⁴ of waar die versekeraar afstand gedoen het van die openbaringsplig teenoor hom,⁶⁵ of waar die versekeraar kennis dra of geag word te dra van die feit wat nie geopenbaar is nie.⁶⁶

62 Op cit noot 10 op 479.

63 P Havenga 'Die Openbaringsplig by Lewensversekeringskontrakte' (1990) 2 *South African Mercantile Law Journal* (SA Merc LJ) 86, 87 (hierna Havenga (1990) SA Merc LJ).

64 Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 134.

65 *AA Mutual Life Assurance Association Ltd v Singh* 1991 (3) SA 514 (A).

66 *Malcher and Malcomess v King Williamstown Fire and Marine Insurance and Trust Co* 1883 (3) 271 EDC 288.

'n Versekeraar is egter nie 'n natuurlike persoon nie en gevvolglik kan hy slegs optree deur middel van agente of verteenwoordigers.⁶⁷ Indien 'n aansoeker dus op hierdie vrywaring (kennis) wil steun, sal hy eers moet aantoon dat die persoon aan wie hy, die feite geopenbaar het, 'n agent is van die versekeraar en binne sy volmag opgetree het⁶⁸ en tweedens dat die kennis van die agent aan die versekeraar toegerekken word.⁶⁹ Indien dit wel aangetoon is, word die prinsipaal aanspreeklik gehou vir sy agent se dade, al is dit tot nadeel van homself.⁷⁰ Die versekeraar sal gevvolglik verhoed word om te ontken dat hy kennis gedra het van die feite of dat die agent nie die kennis aan hom oorgedra het nie.

Die aansoeker sou egter nie op hierdie vrywaring kon steun indien hy bewus was daarvan dat die agent nie die inligting aan die versekeraar sou oordra nie.⁷¹ Dit kan 'n geval wees waar 'n aansoeker en die agent byvoorbeeld ooreenkoms nie die inligting aan die versekeraar te openbaar nie.

Dit is nie altyd duidelik of 'n persoon as die versekeraar of die aansoeker se agent beskou kan word nie. Dit moet afgelei word uit die feite en meriete van elke geval. Die feit dat die versekeraar 'n reg op beheer en toesig oor die agent het om sodoende aan hom voor te skryf watter werk hy moet doen en hoe hy dit moet doen, is 'n aanduiding dat die persoon die versekeraar se agent is.⁷² 'n Persoon wat nie 'n werknemer van die versekeraar is nie, maar 'n onafhanklike aannemer soos 'n makelaar, word normaalweg as agente van die aansoeker beskou.⁷³ Die makelaar kan egter in beperkte gevalle as

67 *MacGillivray & Parkington*, op cit noot 34 op 143.

68 Ibid.

69 *Bawden v The London, Edinburgh and Glasgow Assurance Co* [1892] 2 QB 534 (CA).

70 *MacGillivray & Parkington* op cit noot 34 op 143.

71 *Blackley v National Mutual Life Assurance* 1972 NZLR 1038.

72 *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v MacDonald* 1931 AD 412.

73 *Rabinowitz and Another NNO v Ned-Equity Insurance Co Ltd and Another* 1980 (1) 403 (W).

agent van die versekeraar beskou word. 'n Voorbeeld van so 'n geval mag wees waar hy die premie van die versekeringskontrak ontvang.⁷⁴

Die normale reg insake verteenwoordiging geld gevvolglik tussen 'n aansoeker om versekering en sy makelaar en/of agent. In *Randbank Bpk v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk*⁷⁵ lê Trollip R die algemene beginsels soos volg neer:

'The general principle is that where an agent contracting in the course of his employment and within the scope of his authority, fraudulently conceals or otherwise fails to disclose a fact known to him which, having regard to the nature of the contract, he ought to have disclosed to the other contracting party, his principal is liable for and must suffer the consequences of his concealment or non-disclosure. That responsibility of the principal attaches, at any rate in regard to the voidability of the contract, even if he himself had no knowledge of the fact not disclosed or fraudulently concealed'.

In dié saak is ook beslis dat 'n agent sekere verpligte het wanneer hy namens sy prinsipaal optree. Hy moet onder andere in goeie trou optree, geen bedrog pleeg nie, en optree in ooreenstemming met wat die openbare beleid vereis. Indien hierdie pligte van die agent nie deur hom nagekom word nie, kan hy aanspreeklikheid op die hals haal.⁷⁶

In *Mouton v Die Mynwerkersonie*⁷⁷ is ook beslis dat daar van die agent 'n 'degree of care of a diligent and prudent person' vereis word.⁷⁸

Die blote feit dat 'n persoon 'n 'agent' genoem word, beteken nie noodwendig dat hy oor volmag beskik om namens sy prinsipaal inligting te ontvang of om te kontrakteer nie. Daar sal dus telkens op die feite vasgestel moet word of die agent enersyds die inligting in die loop van sy diens opgedoen het, of hy volmag gehad het om die inligting te

74 Artikel 20 b/s van Wet 27 van 1943; *Premier Milling Co (Pty) Ltd v Van der Merwe and others NNO and another* 1989 (2) SA 1 (A); P Havenga 'Insurance Brokers - Authority to Receive Premiums' (1989) 1 SA Merc LJ 250.

75 1965 (2) 456 (W) 457.

76 Vgl *Gafoor v Unie Versekeringsadviseurs (Edms) Bpk* 1961 (1) SA 335 (A); *Dicks v SA Mutual Fire and General Insurance Co Ltd* 1963 (4) 501 (N); Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 151; *MacGillivray & Parkington* op cit noot 34 par 151.

77 1977 (1) SA 119 (A).

78 Kyk ook in hierdie verband *Blooms Woollens (Pty) Ltd v Taylor* 1962 (2) SA 532 (A); *Wille & Millin* op cit noot 57 op 492; Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 151.

ontvang en of daar 'n plig op hom gerus het om die inligting oor te dra aan die versekeraar en, andersyds, of hy bloot 'n werwingsagent was met geen sodanige volmag nie.⁷⁹

Dit is egter baie belangrik om in gedagte te hou dat alhoewel 'n persoon 'n agent van die versekeraar is, hy as 'n agent van die aansoeker beskou word indien die aansoeker hom sou versoek om die aansoekvorm namens hom te voltooi. Die plig rus immers op die aansoeker om die aansoekvorm te voltooi.⁸⁰ Daar bestaan ook 'n vermoede dat die aansoeker die aansoekvorm gelees het alvorens hy dit onderteken het.⁸¹

Indien die agent 'n fout op die aansoekvorm sou maak, of sekere vrae nie volledig en korrek sou beantwoord nie, sal die versekeraar steeds aanspreeklikheid kan ontkom weens die feit dat die agent, toe hy die aansoekvorm voltooi het, as agent van die aansoeker, en nie van die versekeraar nie, opgetree het. In *Broli v London Assurance Co*⁸² beslis die hof soos volg:

'no matter how wide are the admitted powers of the agent as a general rule, once the proposer requests or permits him to fill in the forms he becomes merely the "amanuensis" of the proposer'.

Waar eindig hierdie openbaringsplig dan? Duur hierdie plig selfs voort ná kontraksluiting? In *Pereira v Marine and Trade Insurance Co Ltd*⁸³ het die hof opgemerk dat 'the purpose and rationale of the pre-contract duty of disclosure could hardly apply after the conclusion of the contract'.

Dit skyn dus of 'n versekeringsaansoeker 'n plig het om wesenlike feite, waarvan hy kennis dra tydens die sluiting van die kontrak, te openbaar. Dit duur gevvolglik voort tydens die onderhandelinge tot en met kontraksluiting. Die openbaringsplig duur dus

79 *Town Council of Barberton v Ocean Accident and Guarantee Corporation Ltd* 1945 TPD 306.

80 *Newholme Bros v Road Transport and General Insurance Co* [1929] KB 356 (CA); *Broli v London Assurance Co* 1931 EDL 186; *Bodemer, NO v American Insurance Co* supra noot 5.

81 *Boyd v Manchester Assurance Co* 1905 ORC 26.

82 Supra noot 80 op 201.

83 Kyk supra noot 5 op 756.

selfs voort nadat die aansoek om versekering onderteken is, maar die versekeraar die aanbod nog nie aanvaar het nie, met ander woorde, die kontrak nog nie tot stand gekom het nie. Enige wesenlike feite wat tydens dié tydperk ontstaan, moet deur die versekeringsaansoeker openbaar word. Nadat die kontrak tot stand gekom het, rus daar nie meer 'n plig op hom om wesenlike feite wat eers dan tot sy kennis kom, te openbaar nie.⁸⁴ Die openbaringsplig duur egter wel voort of ontstaan wel weer indien die versekeringskontrak spesifiek bepaal dat die versekerde die versekeraar in kennis moet stel van enige feite wat die risikoberaming kan beïnvloed of indien aansoek gedoen word om die versekeringskontrak te verander of te hernu.⁸⁵

2.2 Wesenlikheid

Soos reeds hierbo aangedui kan daar slegs sprake wees van wanvoorstelling indien wesenlike feite nie openbaar is nie;⁸⁶ slegs dán is die (wan)voorstelling onregmatig.⁸⁷ Wesenlikheid is dus gemeenregtelik 'n voorvereiste vir onregmatigheid.

Alhoewel die toets vir wesenlikheid 'n objektiewe toets is,⁸⁸ bly dit 'n feitelike vraag of 'n bepaalde feit of inligting wesenlik is.

Aanvanklik was daar onduidelijkheid oor watter objektiewe toets vir wesenlikheid in ons reg geld. In Engeland het die hof in *Lambert v Co-operative Insurance Society Ltd*⁸⁹ soos volg beslis:

'Everyone agrees that the assured is under a duty of disclosure and that the duty is the same when he is applying for a renewal as it is when he is applying for the original policy.'

⁸⁴ *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 112; *Steyn's Estate v SA Mutual Life Assurance Society* 1948 (1) 359 (K); *Reinecke & Van der Merwe General Principles* op cit noot 3 par 134.

⁸⁵ "'Non-disclosure" in Insurance (iii)' (1980) SA Ins LJ B10.

⁸⁶ Kyk par 2.1 Die versekerde se Openbaringsplig op 11 ev supra.

⁸⁷ *Reinecke & Van der Merwe General Principles* op cit noot 3 par 135; JC van der Walt 'Criteria for the Determination of Wrongfulness' in WA Joubert (red) *The Law of South Africa Vol 8 Part 1: Delict* (1979) par 20.

⁸⁸ *Fouché v The Corporation of London Assurance* 1931 WLD 145.

⁸⁹ [1975] 2 Lloyd's Rep 485 (CA) 487.

The extent of that duty is the matter in controversy. There are, at least in theory, four possible rules or tests which I shall state.

- (1) The duty is to disclose such facts only as the particular assured believes to be material.
- (2) It is to disclose such facts as a reasonable man would believe to be material.
- (3) It is to disclose such facts as the particular insurer would regard as material.
- (4) It is to disclose such facts as a reasonable or prudent insurer might have treated as material'.

In Suid-Afrika het die howe ook aanvanklik verskil ten opsigte van watter toets vir wesenlikheid toegepas moes word. Verskeie toetse is gevvolglik deur die howe geformuleer:

- (a) Redelikeversekeraar-toets -

Regter Mackenna het in die *Lambert-saak*⁹⁰ beslis het dat

'[e]very circumstance is material which would influence the judgement of a prudent insurer in fixing the premium, or determining whether he will take the risk',

In ooreenstemming met hierdie Engelsregtelike posisie,⁹¹ het die Suid-Afrikaanse howe⁹² aanvanklik beslis dat die vraag of 'n bepaalde feit wesenlik is, beantwoord moet word deur telkens vas te stel of dit die objektiewe oordeel van 'n redelike versekeraar sou beïnvloed om die risiko oor te neem. Die oordeel van die betrokke versekeraar en van die betrokke verzekeraarsaansoeker is irrelevant.⁹³

So onlangs as in 1994 is in *Labuschagne v Fedgen Insurance Ltd*⁹⁴ is beslis dat

90 Ibid.

91 Idem op 485; *Container Transport International Inc v Oceanus Mutual Underwriting Association (Bermuda) Ltd* [1984] 1 Lloyd's Rep 476 (CA).

92 Vgl *Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd* supra noot 5 op 42; *Cornelissen v Equitable Fire Insurance Co* (1861) 4 Searle 35, 43; *Pienaar v Southern Insurance Life Association Ltd* 1983 (1) 917 (K) 921.

93 *MacGillivray & Parkington* op cit noot 34 op 267.

94 1994 (2) 228 (W) 238.

'the proper test therefore, of materiality in a question of misrepresentation is not limited to the fact which affect the risk itself, but covers facts tending to influence the reasonable insurer's appraisal of it'.

Ten spyte daarvan dat 'n redelike aansoeker, weens 'n gebrek aan dieselfde kennis en agtergrond as die redelike versekeraar, nie sekere feite sou openbaar het nie, kan 'n versekerde sy dekking verloor indien die redelike versekeraar dit as wesenlik sou beskou het.⁹⁵ Ten spyte van sy goeie trou by openbaarmaking, is dit egter moontlik dat hy geen dekking meer geniet nie.

(b) Redelikeversekeringsaansoeker-toets -

Daar is ook gesag⁹⁶ dat die toets vir wesenlikheid volgens die oordeel van 'n redelike versekeringsaansoeker behoort te wees. Sou 'n redelike aansoeker die bepaalde feit as wesenlik beskou het en daarom die feite openbaar het? Indien wel, is dit geen verskoning dat die betrokke aansoeker nie die feite as wesenlik beskou het nie.

Hierdie toets is uiteraard baie meer voordeelig vir die versekeringsaansoeker. Die toets is ook nie noodwendig meer nadelig vir die versekeraar nie aangesien die versekeraar steeds die geleentheid het om vrae te stel wat die redelike versekeraar moontlik as wesenlik kan beskou, maar waarvan die redelike versekerde nie noodwendig kennis sou gedra het nie.⁹⁷

(c) Kombinasie tussen die betrokkeversekeraar-toets en die redelikeversekeringsaansoeker-toets -

In die *Fransba Vervoer-saak*⁹⁸ noem die hof dat:

95 Kyk in hierdie verband *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* supra noot 13 op 445.

96 Vgl *Fine v The General Accident, Fire and Life Assurance Corporation Ltd* supra noot 5 op 220; *Roome NO v Southern Life Association of Africa* 1959 (3) 638 (D) 641-642.

97 Kyk in hierdie verband *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* supra noot 13 op 446.

98 *Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurances Ltd* supra noot 56 op 976.

'It must happen frequently that the layman does not appreciate the fact that he may not have complied fully with his duty when he has completed the questions in a proposal form truthfully...'.

Die hof beslis egter dat 'n feit wesenlik is indien dit die betrokke versekeraar se besluit om die risiko oor te neem, of die vasstelling van die premie of voorwaardes sou beïnvloed het en indien 'n redelike versekeringsaansoeker in die betrokke geval sou besef het dat die feite daardie uitwerking op die versekeraar se beraming sou gehad het. Die hof se gevolgtrekking is soos volg:

'It seems to me therefore that one should be careful not to say that the test of the reasonable insured which has been accepted by our Courts, has gone by the board, and to recognise the possibility that no matter how material certain information may be from the point of view of the insurance company, the Court may still find that a reasonable proposer for insurance could not be expected to have realised that the information was material and consequently that he was therefore not bound to disclose it'.⁹⁹

Ten einde te bepaal wat die betrokke versekeraar sou beïnvloed, het die hof beslis dat getuienis daartoe aangehoor kan word.¹⁰⁰

Ook in *De Waal NO v Metropolitan Lewens Bpk*¹⁰¹ is beslis dat die getuienis van deskundiges toelaatbaar is ten opsigte van die vraag of 'n feit wesenlik is. Regter Hancke is van mening dat daar versigtigheid aan die dag gelê moet word dat die opinie wat deur die deskundige uitgespreek word, betrekking het op sy vakgebied. So byvoorbeeld is die opinie van 'n aktuaris oor mediese aspekte irrelevant, terwyl die opinie van 'n medikus oor sake-aangeleenthede eweneens irrelevant is.

Van Niekerk¹⁰² twyfel of die tweede been van die toets (naamlik, indien 'n redelike versekeringsaansoeker in die betrokke geval sou besef het dat die feite

99 Ibid.

100 Op 980.

101 1994 (1) 818 OPA 823.

102 JP van Niekerk 'Enkele Opmerkings oor die Openbaringsplig by Versekeringskontrakte' (1989) 1 SA Merc LJ 87-103.

daardie uitwerking op die versekeraar se beraming sou gehad het) enigsins met wesenlikheid te make het. Die vermoede bestaan dat 'n nalatigheidstoets hier bygesleep word, aangesien die hof in die *Fransba*-saak die been só formuleer dat die vraag wat gestel word, is of 'n redelike man in die posisie van die versekeringsaansoeker die betrokke feit sou openbaar het.¹⁰³

(d) Die redelikeman-toets -

Die Appèlhof het in *Mutual en Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality*¹⁰⁴ 'n mate van sekerheid gebring toe die hof, na 'n oorsig oor die steun in ons regspraak vir die toetse soos hierbo neergelê en na 'n ondersoek in die Romeins-Hollandse Reg,¹⁰⁵ tot die slotsom gekom het dat die vraag wat oënskynlik beantwoord moet word, is of 'n redelike man die feite en inligting as wesenlik tot die risiko sou beskou het, en nie of 'n redelike man die feite en inligting sou openbaar het nie (dit sou weer op nalatigheid slaan). Of 'n betrokke feit egter wesenlik is, sal afhang van die feite van elke geval.¹⁰⁶

Dit blyk dus dat die hof teruggegaan het na die algemene gemeenregtelike beginsels van 'n delik en gevind het dat die gewone, bekende objektiewe redelikheidstoets, wat gewoonlik aangewend word om die onregmatigheid van 'n handeling of late te bepaal, ook hier aangewend behoort te word.

Alhoewel heelwat kritiek, oor byvoorbeeld die vaagheid daarvan, al oor hierdie uitspraak geopper is,¹⁰⁷ het *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank*

103 *Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurances Ltd* supra noot 56 op 976.

104 Supra noot 13 op 435.

105 Op 430 toon die Appèlhof aan, en bevestig opnuut, dat die Suid-Afrikaanse versekeringsreg in eerste instansie deur die Romeins-Hollandse reg beheers word.

106 Vgl *Whyte's Estate v Dominion Insurance Co of SA Ltd* supra noot 56 op 406.

107 Kyk DM Davis 'The Roman-Dutch Mist over the Duty of Disclosure' (1985) 9 *SA Insurance Law Journal* (*SA Insurance LJ*) 12-19; Reinecke & Becker op cit noot 18; JR Midgley 'The Objective Test for Materiality - The Need for Analysis and Clarification Remains' (1988) 105 *SALJ* 401-404; Van Niekerk op cit noot 102; AJ Kerr 'The Duty to Disclose in a Pre-Contractual Context - Good Faith and the Role of the Reasonable Man' (1985) 102 *South African Law Journal* (*SALJ*) 611-616.

van Afrika Bpk en 'n ander¹⁰⁸ die posisie bevestig en die toets verduidelik. Hiervolgens is die vraag nie of die betrokke inligting na die oordeel of siening van die redelike man die risiko beïnvloed nie, maar of 'n redelike man sou oordeel dat die inligting die voornemende versekeraar redelikerwys by kontraksluiting sal beïnvloed. 'n Feit is dus wesenlik indien dit na die mening van 'n redelike man 'n versekeraar se besluit in verband met die beraming van die betrokke risiko redelickerwys kon beïnvloed het.

Nadat die posisie soos in die *Oudtshoorn Municipality*-saak neergelê, bevestig en nagevolg is,¹⁰⁹ is die beslissing in *Labuschagne v Fedgen Insurance*,¹¹⁰ so onlangs as in 1994 vreemd. Die hof het nie eers na die *Oudtshoorn Municipality*-saak verwys nie.

Reinecke & Van der Merwe¹¹¹ is van mening dat aangesien die woord 'redelickerwys' deur die hof self in die formulering van die toets ondersteep word, ons waarskynlik kan aanvaar dat die toets vir die wesenlikheid van ongeopenbaarde feite eintlik sonder vermelding van die redelike man geformuleer kan word, naamlik dat feite wesenlik is indien hulle redelickerwys betrekking het op die besluit om 'n versekeringskontrak te sluit wanneer al die feite en omringende omstandighede in ag geneem moet word. Daarmee sluit 'n mens by beoordeling van hierdie vraag aan by die algemene onregmatigheidskriterium, te wete die *boni mores*.

In *Cronje v AA Lewens*¹¹² waar die aansoeker om versekering versuim het om die versekeraar mee te deel dat sy boedel ses dae vantevore gesekwestreer is, is die beslissing ook gebaseer op die *President Versekeringsmaatskappy*-saak.¹¹³

108 1989 (1) SA 208 (A).

109 Kyk par 2.1 Die Versekerde se Openbaringsplig op 11 supra.

110 Supra noot 94.

111 MFB Reinecke & SWJ Van der Merwe 'Openbaarmaking van Wesenlike Inligting: Die Inhoud van Pandora se Kissie' 1989 *TSAR* 693, 697.

112 1989 (4) 818 (W).

113 *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk en 'n ander* supra noot 108.

Die hof het as uitgangspunt aanvaar dat feite wesenlik is as 'n redelike man sou geoordeel het dat die inligting redelikerwys 'n effek mag hê op die voornemende versekeraar se besluit om die risiko te aanvaar, of om 'n hoër premie as die normale te verg. Die hof kom tot die gevolg trekking dat die feit dat die oorledene se boedel gesekwestreer was, nie 'n wesenlike feit was nie, en gevolglik was dit ook nie nodig om dit aan die versekeraar te openbaar nie.

Dit blyk dus dat die ultra-objektiewe benadering van die *Oudtshoorn Municipality*-beslissing verfyn is met 'n meer realistiese, objektiewe toets vir die versekeringsituasie.¹¹⁴ Havenga¹¹⁵ wys egter daarop dat hierdie toets nie sonder enige probleme is nie en dat dit moeilik kan wees om te bepaal of 'n spesifieke feit in sekere omstandighede wesenlik is al dan nie.

In 'n ander artikel¹¹⁶ wys Havenga op die belangrike feit dat aanvaar is dat die *Oudtshoorn Municipality*-toets, soos verduidelik in die *President Versekeringsmaatskappy*-saak, van toepassing is op sowel valse voorstellings deur middel van nie-openbaarmaking as op valse positiewe voorstellings. Nie-openbaarmaking en valse positiewe voorstellings is bloot twee kante van dieselfde muntstuk.

3 WAARBORGE

Die bewyslas om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat die aansoeker om versekering nie sy openbaringsplig nagekom het nie, rus op die versekeraar. Die versekeraar moet aantoon dat die valse voorstelling, wesenlik was en dat dit aanleiding gegee het tot die kontrak. Weens hierdie bewyslas het versekeraars wat polisse op grond van wanvoorstelling wou aanveg, vroeg in die ontwikkeling van die versekeringsreg in navolging van die Engelse reg, 'n metode gevind om by die vereiste van wesenlikheid verby te kom, naamlik deur die daarstelling van besondere kontraktuele bepalings (*warranties*). Hiervolgens waarborg die aansoeker die juistheid

¹¹⁴ Die posisie is ook nagevolg in *Pillay v South African Life Assurance Co Ltd* 1991 (1) 363 (D).

¹¹⁵ (1990) 2 SA Merc LJ op cit noot 63 op 84.

¹¹⁶ P Havenga 'The Materiality of Representations and Non-Disclosures in Insurance Contracts' (1995) 7 SA Merc LJ 90, 91 (hierna Havenga (1995) SA Merc LJ).

van inligting in die aansoekvorm.¹¹⁷ Deur hom gevolglik op waarborgbreuk (die onwaarheid van 'n voorstelling wat as waar gewaarborg is) - dit is kontrakbreuk - eerder as op wanvoorstelling - dit is 'n delik - te beroep, is dit vir die versekeraar gemeenregtelik onnoodig om die wesenlikheid van die voorgestelde feite te moet bewys.¹¹⁸ Net soos in die Engelse reg,¹¹⁹ vereis 'n waarborg spesifieke nakoming.

In Engeland is daar in die kontraktereg onderskeid getref tussen bedinge ('*terms*') en voorwaardes ('*conditions*').¹²⁰

Bedinge van 'n kontrak bepaal die inhoud daarvan en kan wesenlike of nie-wesenlike bedinge wees. 'n Wesenlike beding is 'n beding wat by die verbreking daarvan die onskuldige party in staat stel om aanspreeklikheid ingevolge die kontrak te vermy, hetsy deur uit die kontrak te tree en/of om skadevergoeding te eis. 'n Nie-wesenlike beding stel die onskuldige party slegs in staat om skadevergoeding te eis.¹²¹

Voorwaardes van 'n kontrak is kwalifikasies wat óf die inwerkingtreding van die kontrak afhanklik stel van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis (opskortende voorwaarde) óf die opheffing van die kontrak afhanklik stel van die plaasvind van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis (ontbindende voorwaarde).¹²²

'n Versekeringswaarborg is noodwendig 'n beding van 'n kontrak en is uiteraard wesenlik en moet gevolglik streng nagekom word.¹²³

117 Kyk *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd* 1916 AD 509 514.

118 Vgl *Oblowitz Bros v Norwich Union Fire Insurance Soc Ltd* 1924 CPD 349, 351; *Venter v Certain Underwriting Agents of Lloyds of London* 1994 (4) 657 (W) 660.

119 Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 161.

120 Kyk Reinecke & Van der Merwe *General Principles* op cit noot 3 par 157.

121 Vgl *MacGillivray & Parkington* op cit noot 34 par 296.

122 Idem par 220.

123 Idem par 297.

In Engeland het die neiging (wat ook later in Suid-Afrika nagevolg is) egter ontstaan om waarborge en voorwaardes met betrekking tot die versekeringsreg, as dieselfde tipe beding te beskou.¹²⁴

In *Resisto Dairy (Pty) Ltd v Auto Protection Insurance Co Ltd*¹²⁵ het die Appèlhof huis die terme waarborge en voorwaardes met betrekking tot die versekeringsreg van mekaar onderskei. Hierdie appèlhofbeslissing het die versekeringsreg in Suid-Afrika, met betrekking tot die basiese verskil tussen die twee terme, weer in ooreenstemming gebring met die res van ons kontraktereg.

In *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd*¹²⁶ word die gemeenregtelike posisie van 'n waarborg soos volg verduidelik:

'[N]ow a warranty, in the sense in which that term is used in insurance transactions, is a statement or stipulation upon the exact truth of which, or the exact performance of which, as the case may be, the validity of the contract depends. Courts of law will construe such stipulations as they would any other conditions of the policy; but when once the meaning has been ascertained a warranty must be exactly complied with, whether it is material to the risk or not. A strict observance of its terms is a condition precedent to the incidence of liability'.

Ook in *Norwich Union Fire Insurance Society Ltd v South African Toilet Requisite Co Ltd*¹²⁷ wys regter Solomon op die streng voldoening aan waarborge. Dit word soos volg verduidelik:

'It is trite law that a strict compliance with the terms of a warranty is a condition precedent to the incidence of liability. When once, there, its meaning has been ascertained, a warranty must be exactly complied with'.

Selfs so onlangs as 1994¹²⁸ het die Appèlhof die gemeenregtelike posisie ten opsigte van 'n waarborg, bevestig:

124 Idem par 296.

125 1963 (1) SA 632 (A).

126 Supra noot 117 op 514.

127 1924 AD 212, 216.

128 Kyk *South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd* 1994 (2) SA 122 (A) op 123.

'... that a warranty, being an essential or material term, must be strictly complied with, that if it is breached, the insurer is entitled to repudiate the claim whether or not the undertaking is material to the risk and even if non-compliance has no bearing on the actual loss that takes place'.

In 1994 het die hof in *Labuschagne v Fedgen Insurance Ltd*¹²⁹ beslis dat:

'[o]nce the information to be furnished by the insured in the application form is held to be the basis of the contract and therefore a warranty, it matters not that the insured innocently furnished incorrect information or that the information was not material. The parties had agreed that the information had to be correct; and that it was to be regarded as material and that is the end of the matter'.

Met verwysing na artikel 63(3) van die Wet¹³⁰ moet ek met Havenga¹³¹ saamstem met betrekking tot die stelling dat sodra die inligting in die aansoekvorm as basis vir die kontrak aanvaar word 'it was to be regarded as material' nie korrek is nie. Artikel 63(3) vereis tog uitdruklik die aanwesigheid van wesenlikheid selfs in geval van waarborgs.

Waarborgs kan bevestigend,¹³² met ander woorde, betrekking hê op bestaande feite, of deurlopend,¹³³ wat slaan op die toekoms, van aard wees.

Ten einde vas te stel of waarborgbreuk plaasgevind het, is dit nuttig om te onderskei tussen 'n algemene waarborg en 'n spesifieke waarborg. 'n Algemene waarborg word in breë trekke geformuleer en dit is nie duidelik wat spesifiek verwag word nie. Substansiële nakoming hiervan is dus voldoende.¹³⁴

129 Supra noot 94 op 237.

130 Wet 27 van 1943.

131 Havenga (1995) SA Merc LJ op cit noot 116 op 91.

132 *Beyer's Estate v Southern Life Association* 1938 CPD 8; *Kennedy v Smith and Ansvar Insurance Co* 1976 SLT 110.

133 *Sacks v Western Assurance Co* 1907 TH 257; *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd* supra noot 117 op 349; *Oblowitz Bros v Norwich Union Fire Insurance Soc Ltd* supra noot 118 op 349.

134 *Oblowitz Bros v Norwich Union Fire Insurance Soc Ltd* supra noot 118 en *Beyers' Estate v Southern Life Association* supra noot 132.

In die geval van 'n spesifieke waarborg is daar egter geen twyfel oor wat verwag word nie en word stiptelike nakoming vereis. Substansiële vervulling is onvoldoende.¹³⁵

Let egter daarop dat waarborgbreuk nie die polis nietig maak nie en ook dat die nakoming van die waarborg nie 'n vereiste is vir die geldigheid van die polis nie. Dit skep slegs 'n terugtredingsreg en/of skadevergoedingseis vir die versekeraar,¹³⁶ afhangend van die erns van die waarborgbreuk. Ook in *Venter v Certain Underwriting Agents of Lloyds of London*¹³⁷ het die hof bevind dat

'[b]reach of an affirmative warranty means that the risk never attached and for that reason the premium must (normally) be refunded. But such a breach does not mean that there never was a contract'.

Die blote verbreking van 'n versekeringswaarborg stel dus die versekeraar in staat om uit die versekeringskontrak te tree. Die feit dat die waarborgbreuk plaasgevind het sonder enige skuld aan die kant van die versekerde;¹³⁸ of weens onkunde, onskuldige dwaling of blote onoplettendheid aan sy kant;¹³⁹ of vanweë 'n afwesigheid van kennis;¹⁴⁰ of ten spyte daarvan dat hy ter goeder trou en na die beste van sy vermoë opgetree het,¹⁴¹ sou die versekerde gemeenregtelik niks help nie.

Eweneens sal die feit dat die waarborg op 'n nie-wesenlike of onbeduidende aangeleentheid betrekking gehad het, nie relevant wees nie.¹⁴² Die versekeraar was gevvolglik baie veilig indien feite en inligting gewaarborg was. Die gebruik van die

135 *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd* supra noot 20.

136 *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 203.

137 Supra noot 118 op 659.

138 *Broli v London Assurance Co* supra noot 80; *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 206.

139 *Imprefed (Pty) Ltd v American International Insurance Co Ltd* 1981 (2) 68 (W); *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 206.

140 *Beyer's Estate v Southern Life Association* supra noot 132; *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 206.

141 PQR Boberg 'Insurance Warranties are Trumps' (1966) 83 SALJ 220 (hierna Boberg (1966) SALJ).

142 *Gordon & Getz* op cit noot 28 op 206.

versekeringswaarborg-tegniek het egter tot groot misbruik¹⁴³ en kritiek¹⁴⁴ aanleiding gegee.

4 STATUTÊRE INGRYPING

Waarborge in versekeringskontrakte het tot gevolg gehad dat enige antwoord wat in 'n aansoekvorm verstrek is, hoe irrelevant dit ookal met betrekking tot die risikobepaling is, wesenlik is.

Die toepassing van hierdie reël kon ongenadiglike gevolge hê. 'n Voorbeeld is die geval in *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*¹⁴⁵ waar die versekeraar aanspreeklikheid ontken het weens die feit dat die aansoeker op die aansoekvorm verklaar het dat sy ouderdom op sy volgende verjaardag 22 sou wees. In werklikheid sou dit dit 23 wees. Die hof bevind dat daar waarborgbreuk plaasgevind het en gee die versekeraar gelyk, ten spyte daarvan dat die versekeraar geensins benadeel is deur die verkeerde antwoord nie. Die toepassing van waarborge by versekeringskontrakte het gevoldigk tot baie beswaar aanleiding gegee.

As gevolg van die besware wat teen die gemeenregtelike waarborgtegniek geopper is, het die Suid-Afrikaanse wetgewer in 1969 besluit om in te gryp en die situasie statutêr te reël. Dit is egter interessant dat die wetgewer in Engeland dit nog nie nodig gevind het om in te gryp nie, aangesien die versekeraars 'n etiek handhaaf deur nie op grond van tegniese redes aanspreeklikheid te probeer ontkom nie.¹⁴⁶

Artikel 63(3) van die Wet¹⁴⁷ lui soos volg:

'Ondanks andersluidende bepalings vervat in enige binnelandse polis of in enige dokument wat op daardie polis betrekking het, word so 'n polis wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is, nie ongeldig gemaak nie en word die

143 Supra noot 3.

144 Boberg (1966) *SALJ* op cit noot 141 op 220.

145 Supra noot 20 op 238.

146 R Colinvaux *The Law of Insurance* 5 Uitg (1984) 6-15.

147 Wet 27 van 1943.

versekeringswaarborg-tegniek het egter tot groot misbruik¹⁴³ en kritiek¹⁴⁴ aanleiding gegee.

4 STATUTÊRE INGRYPING

Waarborge in versekeringskontrakte het tot gevolg gehad dat enige antwoord wat in 'n aansoekvorm verstrek is, hoe irrelevant dit ookal met betrekking tot die risikobepaling is, wesenlik is.

Die toepassing van hierdie reël kon ongenadiglike gevolge hê. 'n Voorbeeld is die geval in *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*¹⁴⁵ waar die versekeraar aanspreeklikheid ontken het weens die feit dat die aansoeker op die aansoekvorm verklaar het dat sy ouderdom op sy volgende verjaardag 22 sou wees. In werklikheid sou dit dit 23 wees. Die hof bevind dat daar waarborgbreuk plaasgevind het en gee die versekeraar gelyk, ten spyte daarvan dat die versekeraar geensins benadeel is deur die verkeerde antwoord nie. Die toepassing van waarborge by versekeringskontrakte het gevoldiglik tot baie beswaar aanleiding gegee.

As gevolg van die besware wat teen die gemeenregtelike waarborgtegniek geopper is, het die Suid-Afrikaanse wetgewer in 1969 besluit om in te gryp en die situasie statutêr te reël. Dit is egter interessant dat die wetgewer in Engeland dit nog nie nodig gevind het om in te gryp nie, aangesien die versekeraars 'n etiek handhaaf deur nie op grond van tegniese redes aanspreeklikheid te probeer ontkom nie.¹⁴⁶

Artikel 63(3) van die Wet¹⁴⁷ lui soos volg:

'Ondanks andersluidende bepalings vervat in enige binnelandse polis of in enige dokument wat op daardie polis betrekking het, word so 'n polis wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is, nie ongeldig gemaak nie en word die

143 Supra noot 3.

144 Boberg (1966) SALJ op cit noot 141 op 220.

145 Supra noot 20 op 238.

146 R Colinvaux *The Law of Insurance* 5 Uitg (1984) 6-15.

147 Wet 27 van 1943.

aanspreeklikheid van 'n versekeraar daarkragtens nie uitgesluit of beperk nie en word die verpligtings van die eienaar daarvan nie verhoog nie, weens enige voorstelling wat aan 'n versekeraar gemaak is en nie waar is nie, hetsy daardie voorstelling as waar gewaarborg is al dan nie, tensy die onjuistheid van bedoelde voorstelling sodanig is dat dit waarskynlik die berekening van die risiko onder bedoelde polis wesenlik beïnvloed het ten tyde van die uitreiking of enige herstelling of hernuwing daarvan'.

Die artikel het dus die effek dat enige voorstelling wat aan die versekeraar gemaak is en wat nie waar is nie, hetsy daardie voorstelling as waar gewaarborg is al dan nie, wesenlik moet wees alvorens die versekeraar enige regte by verbreking daarvan verkry. Die voordeel wat versekeraars getrek het uit die gebruikmaking van 'n waarborg, word dus in 'n groot mate deur hierdie artikel beperk.

Indien die onjuistheid van 'n voorstelling ten opsigte van 'n wesenlike feit egter aangetoon of bewys is, kan die versekeraar ingevolge artikel 63(3) aanspreeklikheid ontken selfs al sou hy ten spyte van die voorstelling met die versekerde gekontrakteer het, maar moontlik bloot op 'n ander basis.¹⁴⁸ Regter Didcott beveel dan aan dat artikel 63(3) sodanig gewysig word om bogenoemde posisie te verhoed.¹⁴⁹

Deur die aanwesigheid van wesenlikheid te vereis alvorens die versekeraar uit die kontrak kan terugtree, sluit artikel 63(3) nou met ander woorde die moontlikheid uit dat 'n terugtredingsreg deur die partye geskep of beding kan word (deur dit onder andere uitdruklik te noem), in die geval van 'n beding wat nie uit die aard daarvan 'n wesenlike beding is nie. Die feit dat die versekeraar 'n vraag in die aansoekvorm daaroor vra, maak nie die beding outomaties wesenlik nie.

Dit is interresant om daarop te let dat dié artikel sy werking uitdruklik terugwerkend maak. Dit maak inbreuk op die bestaande kontraktuele regte waarvoor versekerdes reeds tot en met die inwerkingtreding van die artikel premies betaal het.¹⁵⁰ Die positiewe aspek daarvan is dat dit ten minste sommige toekomstige litigasie verhoed.

148 *Pillay v South African National Life Assurance Co Ltd* supra noot 114; JP van Niekerk 'Section 63(3) of the Insurance Act and the Remedies for Breach of a Warranty in an Insurance Contract' (1991) 3 SA Merc LJ 114, 120 (hierna Van Niekerk (1991) SA Merc LJ).

149 *Pillay v South African National Life Assurance Co Ltd* supra noot 114 op 371; MFB Reinecke 'Versekeringswaarborgs en Artikel 63(3) van die Versekeringswet 27 van 1943' 1994 TSAR 831, 833 (hierna Reinecke 1994 TSAR).

150 PQR Boberg 'Trumping and Insurance Warranty' (1969) 86 SALJ 335, 338 (hierna Boberg (1969) SALJ).

Boberg¹⁵¹ wys ook daarop dat, anders as die posisie in Amerika, artikel 63(3) nie goeie trou vereis nie - wesenlikheid is die enigste vereiste. Dit impliseer dat selfs 'n opsetlike wanvoorstelling wat egter nie wesenlik is nie, buite die omvang van hierdie artikel val.

Alhoewel dié artikel nie spesifiek bepaal op wie die bewyslas rus om wesenlikheid te bewys nie, rus die onus, in ooreenstemming met die algemene beginsels van die reg, op die versekeraar.¹⁵²

Artikel 63(3) bepaal dat die voorstelling die risikoberaming wesenlik moet beïnvloed. Daar is geen uitdruklike vereiste dat dit die risiko van die versekeraar negatief moet beïnvloed nie.¹⁵³ Dit sou tot die absurde gevolg aanleiding gee dat 'n versekeraar selfs waar hy bevoordeel word, uit die kontrak kan tree. Boberg¹⁵⁴ argumenteer dat die antwoord in die wesenlikheidsvereiste lê. 'n Voorstelling wat tot die versekeraar se voordeel is, het nie 'n wesenlike uitwerking op die berekening van die risiko vir die doel om aanspreeklikheid te ontsê nie.

Die hoofdoel met die invoering van artikel 63(3) van die Wet, was dus klaarblyklik om groter beskerming aan versekeraarsaansoekers te bied.

4.1 Voorstellings

Alvorens artikel 63(3) op 'n spesifieke geval van toepassing kan wees, moet die waarborg verband hou met die voorstelling soos ingevolge die artikel vereis.¹⁵⁵ Indien die waarborg nie slaan op 'n voorstelling soos vereis nie, kom artikel 63(3) glad nie ter sprake nie.

151 Ibid.

152 Vgl *Theron v AA Life Assurance Association Ltd* 1995 (4) SA 361 (A) 377.

153 Boberg (1969) *SALJ* op cit noot 150 op 339.

154 Ibid.

155 *South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd* supra noot 128.

Dit is dus belangrik om die betekenis van 'voorstelling' soos in artikel 63(3) gebruik, vas te stel. Volgens Nestadt AR het dié konsep 'n gevestigde regsbegrip; dit is voor kontraksluiting gemaak om 'n ander te oorreed om 'n kontrak te sluit.¹⁵⁶ 'n Kousale verband tussen die wanvoorstelling en die sluiting van die kontrak word vereis.¹⁵⁷ Die appèlregter¹⁵⁸ verwys na die volgende definisie van voorstelling soos neergelê in *American Jurisprudence*:

'A "representation", in the law of insurance, is an oral or written statement by the insured or his authorised agent to the insurer or its authorised agent, made prior to the completion of the contract, giving information as to some fact or state of facts with respect to the subject of the insurance, which is intended or necessary for the purpose of enabling the insurer to determine whether it will accept the risk, and at what premium. Stated differently, a representation is not, strictly speaking, part of the insurance contract, but is collateral thereto. It is a statement made to the insurer before or at the time of making the contract, presenting the elements upon which the risk is either accepted or rejected'.

Hy gaan voort en beslis:

'What is clear (and important for our purposes) is that a representation is a pre-contractual statement and, unlike a term, does not become part of the contract'.¹⁵⁹

Dit is dus vir Nestadt AR belangrik om die normale, gewone betekenis aan 'n voorstelling te heg en nie te soek na een of ander betekenis in die reg nie.

Soos uit die bespreking hierbo blyk¹⁶⁰, kan 'n (wan)voorstelling uit 'n positiewe handeling en/of 'n late bestaan. Wanneer die wetgewer die woord 'voorstelling' gebruik, is die bedoeling om dit slegs met verwysing na positiewe gedragings, met ander woorde antwoorde op vrae,¹⁶¹ te gebruik (of is dit ook met verwysing na 'n late gebruik?).

156 Idem op 125H.

157 Vgl Van Niekerk (1991) SA Merc LJ op cit noot 148 op 115 en na gesag daar verwys.

158 *South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd* supra noot 128 op 125I-126A.

159 *South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investment (Pty) Ltd* supra noot 128 op 126C.

160 Kyk par 2 Wanvoorstelling op 6 hierbo.

161 Volgens die mening van Gordon & Getz op cit noot 28 op 221.

Daar kan geargumenteer word dat artikel 63(3) nie ook op die gemeenregtelike nie-openbaarmaking van feite (met ander woorde 'n late) slaan nie, aangesien onregmatigheid gemeenregtelik reeds wesenlikheid as 'n vereiste stel by die nie-openbaarmaking van feite. Uit die *Qilinge/e-saak*¹⁶² blyk dit ook dat die Appèlhof hier 'n onderskeid wil tref.¹⁶³

Ek wil egter saamstem met Reinecke & Van der Merwe¹⁶⁴ wat van mening is dat die voorstelling wyd uitgelê behoort te word, en wat gevolglik ook die nie-openbaarmaking van feite wat tot die kontrak aanleiding gegee het, insluit. Verswygtings is per slot van sake niks anders as 'n voorstelling *per omissionem* nie. Verswygtings en positiewe voorstellings is bloot verskillende wyses waarop die onregmatige daad, wanvoorstelling, gepleeg kan word.¹⁶⁵

Waar artikel 63(3) verwys na 'enige voorstelling' behoort dit dus in beginsel nie-openbaarmaking van feite of verswygtings in te sluit.

Indien die frase 'enige voorstelling' so wyd moontlik uitgelê behoort te word, ontstaan die vraag of artikel 63(3) dan ook na deurlopende waarborgs verwys. Nestadt AR het in die *Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd-saak*¹⁶⁶ melding gemaak van die teenstrydigheid wat hieroor bestaan, maar het dit onnodig geag om in dié geval daaroor 'n beslissing te maak.

162 Supra noot 22.

163 Kyk par 5 op 35 ev infra.

164 *General Principles* op cit noot 3 par 161.

165 In *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk* 1983 (2) SA 893 (A) 905E is aanvaar dat 'n wanvoorstelling deur 'n stilswye kan geskied; *Van Niekerk* (1991) SA Merc LJ op cit noot 148 op 118; Reinecke 1994 TSAR op cit noot 149 op 834.

166 *South African Eagle Insurances Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd* supra noot 128 op 126; Reinecke 1994 TSAR 831.

Met verwysing na omskrywings van 'voorstellings' en na gewysdes,¹⁶⁷ het Gordon & Getz¹⁶⁸ die afleiding gemaak dat daar weerstand sal wees indien artikel 63(3) ook op deurlopende waarborgs toegepas sou word.

Appèlregter Trollip het ook in *Feinstein v Niggli and Another*¹⁶⁹ beslis dat '[n]ow a representation, in order to found a cause of action for rescinding a contract for fraud, must relate to a matter of present or past fact'.

Reinecke & Van der Merwe argumenteer¹⁷⁰ egter dat die versekeraar by die bepaling van die risiko nie net deur bestaande feite geleei word nie, maar ook deur toekomstige gebeurtenisse. 'n Voorstelling deur die aansoeker ten opsigte van iets wat in die toekoms gaan gebeur of wat nagekom moet word, behoort dus ook binne die trefwydte van artikel 63(3) te val. 'n Voorbeeld is waar die aansoeker waarborg dat hy sy motor elke aand in die motorhuis toegesluit sal hou. Indien dit nie nagekom word nie, behoort dit ook tot aanspreeklikheid aanleiding te gee, aangesien dit niks anders is as 'n voorkontraktuele voorstelling nie, al is dit gerig op gebeurtenisse in die toekoms.

Voorts argumenteer Reinecke¹⁷¹ dat die blote feit dat 'n bepaalde voorstelling gewaarborg word (soos maar alte dikwels in versekeringskonteks plaasvind) en daarom in die bedinge van die kontrak weerspieël word, nie beteken dat dit sy karakter as voorstelling inboet nie. Reinecke se gevolgtrekking is dus dat 'n deurlopende waarborg nie sonder meer buite die trefwydte van artikel 63(3) sal val nie. Na aanleiding van die *Norman Welthagen*-saak¹⁷² is hy egter van mening dat, vanweë die probleme rondom

167 Op cit noot 28 op 230.

168 Onder andere die Engelse saak *Bryant v Ocean Insurance Co* 1872 Ch App 777, 804 waarin beslis is: 'A representation that something will be done in the future cannot be either true or false at the moment it is made, and although you may call it a representation, if it is anything it is a contract or promise.'

169 1981 (2) SA 684 (A) 695.

170 *General Principles* op cit noot 3 par 168, vgl ook Reinecke se kritiek op Gordon & Getz se standpunt in sy boekbespreking 'Gordon and Getz on the South African Law of Insurance' (1984) 47 *THRHR* 95, 97.

171 1994 *TSAR* op cit noot 149 op 834.

172 *South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd* supra noot 128 op 122.

voorstellings *de futuro*, dit onwaarskynlik is dat die howe bereid sal wees om enige deurlopende waarborg aan die hand van artikel 63(3) te temper.

4.2 Wesenlikheid

Artikel 63(3) van die Versekeringswet¹⁷³ bepaal voorts dat die valse voorstelling die berekening van die risiko wesenlik moes beïnvloed het.

Gordon & Getz¹⁷⁴ maak die stelling dat dit by die berekening van die risiko soos in artikel 63(3) genoem, nie net gaan om die feit of die versekeraar enigsins die risiko so aanvaar het nie, maar omvat ook die vasstelling van die premie. Met ander woorde, die invloed van die voorstelling op die grootte van die premie word ook in ag geneem. Van Niekerk¹⁷⁵ is van mening dat wesenlikheid ‘therefore relates to the acceptability of a risk and also to the terms upon which the risk is acceptable. The premium is but an example of one of these terms.’

Die belangrikste vraag is egter watter invloed artikel 63(3) van die Versekeringswet op die gemeenregtelike posisie rakende die wesenlikheidsvereiste, het. Het die artikel dalk ‘n nuwe toets vir wesenlikheid daargestel? Ongelukkig het artikel 63(3) tot onlangs geen werklike aandag van die howe ontvang nie. Uit die bewoording van die artikel kan daar nie ‘n verandering in die gemeenregtelike posisie afgelei word nie.

Gordon & Getz¹⁷⁶ en Reinecke & Van der Merwe verwys¹⁷⁷ ook, waar hulle die wesenlikheidsvereiste ingevolge artikel 63(3) bespreek, terug na hulle bespreking van die gemeenregtelike wesenlikheidsvereiste. Dieselfde beginsels behoort volgens hulle ook hier van toepassing te wees.

173 Wet 27 van 1943.

174 Op cit noot 28 op 222.

175 JP van Niekerk ‘Section 63(3) of the Insurance Act and the Remedies for Breach of a Warranty in an Insurance Contract’ (1991) 3 SA Merc LJ 114 op 120.

176 Op cit noot 28 op 222.

177 *General Principles* op cit noot 3 par 168.

In *Pillay v South African National Life Assurance Co Ltd*¹⁷⁸ beslis Didcott R dat die wesenlikheidskonsep ingevolge artikel 63(3) in beginsel nie van dieselfde gemeenregtelike beginsel of begrip verskil nie. Die regter is van mening dat die redelikeman-toets, soos neergelê in die *Oudtshoorn Municipality*-saak, die toets vir wesenlikheid is vir 'n versekeraar wat voortaan op grond van waarborgbreuk wil terugtree. Dieselfde toets word ook gebruik by die gemeenregtelike wesenlikheidsvereiste in die geval van wanvoorstelling. In beginsel behoort daar dus geen onderskeid tussen die wesenlikheidvereiste vir 'n delik/onregmatige daad en vir waarborgbreuk, dit is kontrakbreuk, te wees nie.

Die bepaling ingevolge artikel 63(3) van die Wet wat lui dat 'enige voorstelling wat ... nie waar is nie, hetsy daardie voorstelling as waar gewaarborg is al dan nie,' bevestig dus in 'n sin die gemeenregtelike vereiste van wesenlikheid vir waarborgbreuk sowel as vir onregmatigheid. Ten einde regseenvormigheid te bewerkstellig, is dit immers aan te bevele.

Soos hierbo genoem, het die hele kwessie rondom die wesenlikheidsvereiste soos in artikel 63(3) neergelê, onlangs ter sprake gekom in *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society*.¹⁷⁹

5 QILINGELE V SOUTH AFRICAN MUTUAL LIFE ASSURANCE SOCIETY

Die feite in hierdie beslissing is kortliks soos volg. 'n Sekere Tomazile Elijah Qilingele het deur middel van die bankmakelaargroep Eerste Bowring by Ou Mutual aansoek gedoen om lewensversekering. Ou Mutual het die risiko aanvaar en op 1 Julie 1986 het 'n Flexi Uitkeerpolis met basiese lewensdekking van R105 476 in werking getree. Mnr Qilingele het sy gade, Angeline, as die begunstigde in die polis benoem.

Op 6 Augustus 1986 sterf mnr Qilingele aan veelvuldige steekwonde deur 'n onbekende persoon toegedien.

178 Supra noot 114 op 367.

179 Supra noot 22.

Ou Mutual ontken aanspreeklikheid weens die feit dat antwoorde op sekere vrae in die aansoekvorm onwaar was.

Die aansoekvorm wat mnr Qilingele op 31 Mei 1986 onderteken het, sluit onder meer die volgende stelling in: 'As the statements in this application constitute warranties, complete and accurate information must be given'.¹⁸⁰

In dieselfde aansoekvorm word die volgende gestel:

'Is any other application for insurance on your life now pending or contemplated? (If "yes", please state below names of insurers, amounts and whether such application is to be proceeded with if Old Mutual accepts this application.)'¹⁸¹

Mnr Qilingele se antwoord was 'nee', maar na sy dood sou dit blyk dat hy inderdaad gelyktydig by drie lewensversekeraars aansoek om totale lewensdekking van R300 000 gedoen het.

Voorts beweer Ou Mutual ook dat mnr Qilingele homself daarvan weerhou het om te openbaar dat hy in 1984 en 1985 ontslaan is by sy werk weens drankmisbruik.¹⁸²

Mnr Qilingele het ook as 'n 'masjienonderhouer' by Drummond Printers gewerk en nie, soos hy beweer het, vir 5 jaar as 'n 'drukker' nie.

Ou Mutual voer aan dat die onwaarhede sodanig was dat dit wel 'n wesenlike invloed op die bepaling van die risiko sou gehad het. Gevolglik ontken Ou Mutual aanspreeklikheid.

Dit is interessant om te let op die groot rol wat die makelaar by die aansoek om versekering gespeel het. Dit is op sy aanbeveling dat die risiko tussen verskeie versekeraars versprei moes word¹⁸³ met die doel om enige verdere mediese navrae en

180 Idem op 71I.

181 Op 72A.

182 *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society* 1991 (2) 399 (W) 401 (hierna *Qilingele-saak* 1991).

183 *Qilingele-saak* 1991 supra noot 182 op 404.

dalk mediese ondersoek vry te spring. Die makelaar het erken dat hy dit gereeld doen.¹⁸⁴ Die aansoekvorm is ook deur die makelaar namens mnr Qilingele voltooi.

Indien die bespreking hierbo¹⁸⁵ in gedagte gehou word, is dit duidelik dat die makelaar as agent van die aansoeker, mnr Qilingele, opgetree het.

Sonder om te veel daarop uit te brei, en na aanleiding van mnr Makgotlo se getuienis¹⁸⁶ kon die vraag tereg gevra word of die makelaar sy plig van goeie trou teenoor sy prinsipaal nagekom het en of hy nie ook aanspreeklikheid moes opgeloop het nie.¹⁸⁷

Havenga¹⁸⁸ deel ook hierdie siening en is van mening dat aangesien die Appèlhof ook bevind het dat die makelaar bedoel het om die versekeraar te mislei, en gevvolglik nie sy plig van goeie trou teenoor sy prinsipaal nagekom het nie, 'n aksie teen die makelaar, en nie teen die versekeraar nie, heel waarskynlik sou geslaag het.

Die hof *a quo*¹⁸⁹ bevind dan ook dat die makelaar daarop uit was om die aansoeker te mislei deur by verskeie versekeraars aansoek te doen en deur te ontken dat hy (die makelaar) die betekenis van sekere woorde naamlik 'pending' en 'contemplating', nie verstaan het nie, en daarom nie geantwoord het op die vrae of daar op daardie tydstip enige ander aansoeke om versekering op die aansoeker se lewe hangende was.

Die Appèlhof het bevind dat die onware antwoord wat vroeër in die aansoekvorm gegee is, inderdaad 'n wesentlike invloed gehad het op Ou Mutual se besluit om die risiko te onderskryf. Die eis is dus van die hand gewys.

184 Ibid.

185 Kyk par 2.1 Die Versekerde se Openbaringsplig op 11 ev supra.

186 Kyk *Qilingele*-saak 1991 supra noot 182 op 403-406.

187 *MacGillivray & Parkington* op cit noot 34 par 166; *Mouton v Die Mynwersersunie* supra noot 77.

188 P Havenga 'Why Sue the Insurer? Sue the Broker' (1994) 2 *Jutas Business Law* 22.

189 *Qilingele*-saak 1991 supra noot 182 op 407E.

Die bespreking van Kriegler AR oor wesenlikheid ingevolge artikel 63(3)¹⁹⁰ is hier van belang.

Die appellant het beweer dat alvorens die versekeraar uit die kontrak kan terugtree, hy sou moes aantoon dat die redelike man die betrokke voorstelling as wesenlik sou beskou het (met verwysing na die toets neergelê in die *Oudtshoorn*-saak waar beslis is dat die wesenlikheid van die nie-openbaarmaking van feite objektief vanuit die oogpunt van 'n redelike persoon vasgestel moet word).

Alhoewel deskundige getuienis geleei is dat die feite vir die betrokke versekeraar wesenlik was, het die appellant aangevoer dat die redelikeman-toets geld en die opinie van die betrokke versekeraar irrelevant is.

Volgens Kriegler AR is die *Oudtshoorn*-toets slegs van toepassing op gevalle waar die gemeenregtelike plig van openbaarmaking van wesenlike feite nie nagekom is nie¹⁹¹ (met ander woorde waar 'n dalk gepleeg word) en is dus nie van toepassing op gevalle waar die versekerde valse (positiewe) voorstellings in 'n kontrak gemaak het nie. In die geval van die *Qilingele*-saak het ons te make met 'a straightforward case of misrepresentation.'¹⁹² (Hier gaan dit dus oor kontrakbreuk.)

Gemeenregtelik was dit, soos reeds hierbo aangetoon,¹⁹³ nie nodig om wesenlikheid aan te dui waar 'n aansoeker om verzekering sy voorstelling gewaarborg het nie.¹⁹⁴ Spesifieke nakoming is vereis. Dit is met verwysing hierna dat Kriegler AR beslis dat die *Oudtshoorn*-toets nie in die geval onder bespreking van toepassing is nie, aangesien dit hier gaan oor 'n positiewe voorstelling (commissio) wat gewaarborg is en nie 'n geval van nie-openbaarmaking van inligting (omissio) nie.¹⁹⁵

190 *Qilingele*-saak 1993 supra noot 22 op 73 en verder.

191 Idem op 73E.

192 Idem op 73F.

193 Par 3 Waarborgs bl 23 ev supra.

194 *Venter v Certain Underwriting Agents of Lloyds of London* supra noot 118 op 660.

195 *Qilingele*-saak 1993 supra noot 22 op 73F.

Die geval *in casu* word gereël deur artikel 63(3),¹⁹⁶ wat ten doel het om aansoekers te beskerm teen versekeraars wat weens ‘inconsequential inaccuracies or trivial misstatements in insurance proposals’ wil uittree uit ’n kontrak deur wesenlikheid te vereis.¹⁹⁷ Die doel is met ander woorde, om groter beskerming aan aansoekers om versekering te verleen. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat artikel 63(3) die reg van ’n versekeraar ontnem het om aanspreeklikheid te ontken weens enige valse voorstellings, of dit gewaarborg is of nie tensy dit ’n wesenlike invloed op die berekening van die risiko kan hê.

Kriegler AR bespreek voorts die inhoud van die wesenlikheidsvereiste in artikel 63(3) van die Wet. Daar rus ’n bewyslas op die versekeraar om te bewys dat die gevolg (kontraksluiting/aanvaarding van die risiko) waarskynlik vanweë wesenlike wanvoorstelling, plaasgevind het.¹⁹⁸ Die appèlregter beveel aan dat, ten einde meer duidelikheid te verkry, hierdie kwalifikasie in komponente verdeel moet word,¹⁹⁹ te wete, waarskynlikheid²⁰⁰ en wesenlikheid.²⁰¹ Kriegler AR begin dan deur eers die kwessie van waarskynlikheid te bespreek. Bestaan die waarskynlikheid dat die voorstelling die berekening van die risiko sou beïnvloed? Kriegler AR stel dit so:

‘What the Court has to determine is whether the falsehood of the misrepresentation in suit is such as probably to have affected the assessment of the risk undertaken by the particular insurer when he extended the insurance cover under which the contested claim is being brought’.²⁰²

Die vraag of dit waarskynlik is, is ’n feitelike vraag, wat beantwoord moet word ‘by applying common sense and experience to all available data.’²⁰³ Die begrippe ‘redelike

196 Idem op 73I.

197 Op 74A.

198 Op 74H.

199 Op 74E.

200 Ibid.

201 Op 74I.

202 Op 75F.

203 Op 74E-F.

'versekeraar', 'redelike versekerde', 'redelike man' speel hier dus geen rol nie. (Tereg, aangesien 'n objektiewe toets van redelikheid nie relevant is wanneer 'n feitevraag beantwoord moet word nie.) Dit is dan dat die appèlregter die volgende gevolgtrekking maak: 'From this it follows that the *Oudtshoorn Municipality* test has no bearing on a case under section 63(3).'²⁰⁴

Die appèlregter maak voorts self in sy uitspraak die stelling dat die begrippe 'redelike versekeraar', 'redelike versekerde', 'redelike man', hier geen rol speel nie.²⁰⁵ Na my mening kan daar nie bloot aanvaar word dat, vanwêë dié stelling, die *Oudtshoorn*-toets glad nie in die geval van waarborgbreuk soos ingevolge artikel 63(3) vereis, toepaslik is nie.

Kriegler AR gaan voort en bespreek die tweede komponent, naamlik wesenlikheid. Hy verwys na *The Shorter Oxford English Dictionary* se definisie van wesenlikheid as 'of such significance as to be likely to influence the determination of a cause'.²⁰⁶ In artikel 63(3) beteken dit bloot dat die aanspreeklikheid onder die polis ontken kan word indien die risiko as gevolg van die wesenlike voorstelling aanvaar is.²⁰⁷ Wesenlikheid in die geval van versekering het betrekking op die berekening van die risiko; die spesifieke risiko in elke geval.²⁰⁸ Hy stel dit soos volg: '[t]he enquiry as to the materiality of the misrepresentation is consequently not conducted *in abstracto* but is focused on the particular assessment'.²⁰⁹ Dit is dus belangrik om vas te stel hoe die onjuiste voorstelling die berekening van die risiko geraak het. Hieruit volg dit dat die getuenis van die bepaalde onderskrywer, wat die berekening van die risiko vir die versekeraar gedoen het, ter sake is en selfs deurslaggewend kan wees.

204 Op 74F.

205 Ibid.

206 Op 74I.

207 Op 75A.

208 Op 74J-75A en 75C.

209 Op 75C-D.

Ten einde vas te stel wat die invloed van die valse voorstelling op die beraming van die risiko was, moet 'n vergelyking tussen twee berekeninge van die risiko getref word.²¹⁰ Daar moet naamlik vasgestel word hoe die versekeraar *die risiko bereken* het in die lig van die feite soos deur die aansoeker aan hom voorgestel, en hierdie bevinding moet vergelyk word met die wyse waarop die versekeraar *die risiko sou bereken* het indien hy nie mislei was nie. Indien daar 'n beduidende verskil tussen die berekeninge is, word aan die wesenlikheidsvereiste van artikel 63(3) voldoen.

Deur hierdie toets toe te pas op die feite vind die appèlregter dat daar wel 'n beduidende verskil was tussen die twee wyses van berekening van die risiko.²¹¹ Hy kom tot die gevolg trekking dat die voorstellings wesenlik was.

Die appèlregter sluit af:

'[T]hat adds up to materiality. Whether such criterion is objectively reasonable is beside the point, the enquiry being directed at respondent's assessment of the risk'.²¹²

Hiermee word 'n feitelike toets daargestel vir die wesenlikheidsvereiste soos ingevolge artikel 63(3) verlang.

Die uitspraak in die *Qiling/e*-saak het wye reaksie uitgelok, veral met betrekking tot twee aangeleenthede - eerstens oor die daarstelling van die subjektiewe toets vir wesenlikheid; en tweedens oor die onderskeid wat die appèlhof getref het tussen 'n wanvoorstelling *per omissionem* en 'n wanvoorstelling *per commissionem*.

Reinecke²¹³ is van mening dat daar nie fout te vind is met die meriete vir die daarstelling van 'n nuwe feitelike toets vir wesenlikheid nie. Die beslissing kom daarop neer dat daar 'n kousale verband tussen die waarborgbreuk (wanvoorstelling) en die sluiting van die kontrak vereis word.

²¹⁰ Op 75G.

²¹¹ Op 76A.

²¹² Op 76A-B van die beslissing.

²¹³ MBF Reinecke 'Wesenlikheid by Versekeringswaarborge en Voorstellings' 1993 *TSAR* 771 op 773 (hierna Reinecke 1993 *TSAR*).

In *SA Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investments (Pty) Ltd*²¹⁴ het Nestadt AR ook beslis dat daar telkens vasgestel moet word of artikel 63(3) op die wanvoorstelling van toepassing is:

'If it is, the section would operate to save the respondent from the consequences of the warranty having been breached. In this event its claim was rightly allowed and the appeal must fail. On the other hand, if, as the appellant contends, the memo was simply a term of the policy, section 63(3) would not apply, the respondent should therefore have been nonsuited and the appeal must succeed. This is because seeing, as I have said, there is no dispute that the memo was made material, its breach would in the ordinary course have entitled the appellant to repudiate liability under the policy'.²¹⁵

Reinecke²¹⁶ is van mening dat faktore wat weliswaar die versekeraar mag beïnvloed by kontraksluiting, maar nie verband hou met sy beraming van die kans dat die gevaar sal materialiseer nie, volgens die feitelike toets vir wesenlikheid nie ter sake is nie.

So gesien bring artikel 63(3) volgens Reinecke 'n ingrypende wysiging (en verbetering) ten opsigte van die regsposisie insake waarborgs mee.²¹⁷

Reinecke²¹⁸ meen dat die Appèlhof se uitspraak nie slegs vir waarborgbreuk geld nie, maar ook vir wanvoorstellings by wyse van positiewe gedrag. As 'n versekeraar gevoglik sou steun op die onjuistheid van die positiewe voorstelling, sal vasgestel moet word of die onjuistheid van die voorstelling die berekening van die risiko wesenlik geraak het. Aangesien artikel 63(3) 'n uitdruklike bepaling in hierdie verband bevat sou dit onnodig wees om ook die feite aan die gemeenregtelike wesenlikheidstoets (soos in die Oudtshoorn-saak) te onderwerp. Artikel 63(3) wysig derhalwe ook die regsposisie ten opsigte van positiewe voorstellings in die sin dat die toets vir wesenlikheid in sodanige gevalle voortaan nie meer die gemeenregtelike toets is nie, maar die toets soos in die *Qilinge/saak neergelê*.

214 Supra noot 128.

215 Op 124.

216 1993 *TSAR* op cit noot 213 op 773.

217 *Ibid.*

218 *Ibid.*

Reinecke²¹⁹ voel egter dat die toets vir wesenlikheid nie losgemaak behoort te word van die opvattings van 'n redelike man nie. Die versekeraar mag per geleentheid oor statistiese gegewens beskik wat nie vir die publiek beskikbaar is nie. Die versekerde kan dan 'n wanvoorstelling maak wat in die lig van die statistiese gegewens relevant is by die berekening van die risiko. Na die oordeel van 'n redelike man kan die feit egter nie sodanig wees dat 'n versekeraar redelikerwys by die kontraksluiting beïnvloed sal word nie. In die lig hiervan wil Reinecke graag sien dat artikel 63(3) verder verfyn word.

Havenga was ook aanvanklik²²⁰ van mening dat die subjektiewe toets vir wesenlikheid nie versoenbaar is met die algemene beginsels van ons reg nie. As aanvaar word dat wesenlikheid in die gemenerg die basis is waarop onregmatigheid (van 'n delik in die geval van wanvoorstelling) in die versekingskonteks bepaal word, en dat onregmatigheid deur objektiewe standarde bepaal word, bring die uitspraak in die *Qilingele*-saak baie teenstrydighede na vore.

In 'n daaropvolgende artikel²²¹ beweer Havenga egter dat wesenlikheid ook 'n ander betekenis kan hê. Met verwysing na heelwat gesag, word die konsep van wesenlikheid, volgens Havenga, soms ook aangewend om die kousaliteitsvereiste uit te druk. Ook Reinecke & Van der Merwe²²² wys daarop dat die term wesenlikheid soms aangewend word om kousaliteit aan te dui. Hulle stel egter ook voor dat aangesien wesenlikheid normaalweg gebruik word om onregmatigheid aan te dui, dit eerder daarvoor gereserveer behoort te word.

Volgens Havenga²²³ het die hof in die *Qilingele*-saak nie vir onregmatigheid getoets nie, maar eerder vir kousaliteit. Die gebruik van woorde soos "probable" en "likely"; die toepassing van die subjektiewe betrokke versekeraar-toets; die vergelyking tussen die

219 1993 *TSAR* op cit noot 213.

220 (1995) *SA Merc LJ* op cit noot 116 op 92.

221 P Havenga 'The Test of Materiality in Insurance Law: Another Look at *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society*', (1995) 7 *SA Merc LJ* 251,256 (hierna Havenga The Test of Materiality).

222 Kyk *General Principles* op cit noot 3 par 136.

223 The Test of Materiality op cit noot 221 op 256.

beramings van die risiko, dui onder andere aan dat die Appèlhof besig was om vas te stel of die voorkontraktuele voorstelling die betrokke versekeraar beweeg het om die kontrak te sluit.²²⁴ Dit gaan dus in die *Qilinge/e*-saak oor kousaliteit, wat deur 'n subjektiewe toets bepaal word.

Madhuku²²⁵ glo die Appèlhof het in die *Qilinge/e*-saak 'n verkeerde interpretasie aan die woord 'wesenlik' soos in artikel 63(3) omskryf, verleen. Die wetgewer het waarskynlik die normale betekenis wat wesenlikheid reeds in die versekeringsreg ontvang het, in gedagte gehad. Dit is in hoofsaak 'n objektiewe waardebepaling. Die enigste aangeleentheid wat ter sprake is, is of die waardebepaling uit die oogpunt van die redelike versekeraar of uit die oogpunt van die redelike versekerde, moet geskied. Die hoofrede waarom versekeraars so dikwels gebruik gemaak het van waarborges was om weg te kom van die bewyslas om objektiewe wesenlikheid aan te toon. Die aansoeker waarborg dus nou die juistheid van die inligting in die aansoekvorm deur middel van 'n waarborg. Dit is met laasgenoemde in gedagte dat die wetgewer artikel 63(3) geformuleer het. Die doel was waarskynlik om dieselfde objektiewe standaard vir wesenlikheid wat reeds vir die nie-openbaarmaking van feite geld, ook op waarborges van toepassing te maak. Dit is gevoldiglik onwaarskynlik dat die wetgewer 'n subjektiewe betekenis (soos in die *Qilinge/e*-saak beslis) aan die woord wesenlik wou verleen. Madhuku kan dus nie met die Appèlhof saamstem waar beslis word dat redelikheid nie ter sprake is nie en daar bloot 'common sense and experience to the available data' toegepas moet word. Deurdat die Appèlhof op 'n subjektiewe wyse wesenlikheid wil bepaal, verydel hy die doel van artikel 63(3).²²⁶

Visser²²⁷ dui ook aan dat die instelling van 'n subjektiewe toets vir wesenlikheid 'n reuse stap agteruit is. 'n Versekeraar kan nou selfs aanspreeklikheid ontken as hy kan aandui dat 'n feit vir die betrokke versekeraar wesenlik is, al is dit vir geen ander versekeraar wesenlik nie.

224 Ibid.

225 L Madhuku 'The Up-and-down Fortunes of the Insured: Is There a Distinction Between Misrepresentation and Non-disclosure?' (1994) 111 SALJ 477, 479.

226 Idem op 480.

227 C Visser 'Misrepresentation in Insurance Applications' (1994) 2 Juta's Business Law 184, 185.

Van groter belang egter, is die toepassing van artikel 63(3) op verswygings ná die *Qilinge/e*-beslissing. Volgens Reinecke²²⁸ is die standpunt van die Appèlhof dat die *Oudtshoorn*-saak van die onderhawige geval onderskei word en dat die *Oudtshoorn*-toets slegs vir verswygings geld, onoortuigend. Artikel 63(3) is gevvolglik volgens die Appèlhof nie op verswygings van toepassing nie. 'n Verswyging is per slot van sake nik anders as 'n voorstelling *per omissionem* nie. In *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk*²²⁹ is ook aanvaar dat 'n wanvoorstelling deur stilswee kan geskied. Waar artikel 63(3) verwys na enige voorstelling behoort dit dus in beginsel verswygings in te sluit. Die resultaat van so 'n benadering is dat daar 'n eie wesenlikheidstoets vir verswygings bestaan. Volgens Reinecke²³⁰ het die Appèlhof in die *Oudtshoorn*-saak net eenvoudig die gemeenregtelike toets vir wesenlikheid geformuleer en toegepas op die betrokke verswygings sonder om te vra of artikel 63(3) van enige belang is. As artikel 63(3) nie op die wetboek was nie, sou the *Oudtshoorn*-toets nie slegs op verswygings nie, maar op alle gevalle van wanvoorstelling toepaslik gewees het. Tegnies het albei sake dus met wanvoorstellings te doen en dit is die onderwerp wat artikel 63(3) dek. Daarmee suggereer Reinecke eintlik dat die *Oudtshoorn*-saak nie onderskei kan word nie, maar omvergewerp behoort te word.

Reinecke²³¹ doen aan die hand dat artikel 63(3) nou verstaan moet word as om 'n nuwe bedeling vir alle gevalle van wanvoorstelling in te lei. Die woorde 'enige voorstelling' in artikel 63(3) moet derhalwe so vertolk word dat dit sowel positiewe voorstellings as verswygings insluit. Die gemeenregtelike wesenlikheidstoets is met ander woorde in versekeringsverband vervang deur 'n nuwe toets. Reinecke is van mening dat so 'n eenvormige reëling vir alle gevalle waar die gedrag van die versekerde geleei het tot 'n verkeerde beeld van die risikofekte by die versekeraar, nie alleen eenvoudiger sal wees om toe te pas nie, maar ook voldoende sal wees om reg en geregtigheid te laat geskied.

228 1993 *TSAR* op cit noot 213 op 774.

229 1985 (2) SA 893 (A) 905.

230 1993 *TSAR* op cit noot 213 op 774.

231 *Ibid.*

Van groter belang egter, is die toepassing van artikel 63(3) op verswygings ná die *Qilingele*-beslissing. Volgens Reinecke²²⁸ is die standpunt van die Appèlhof dat die *Oudtshoorn*-saak van die onderhawige geval onderskei word en dat die *Oudtshoorn*-toets slegs vir verswygings geld, onoortuigend. Artikel 63(3) is gevoldiglik volgens die Appèlhof nie op verswygings van toepassing nie. 'n Verswyging is per slot van sake niks anders as 'n voorstelling *per omissionem* nie. In *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk*²²⁹ is ook aanvaar dat 'n wanvoorstelling deur stilswye kan geskied. Waar artikel 63(3) verwys na enige voorstelling behoort dit dus in beginsel verswygings in te sluit. Die resultaat van so 'n benadering is dat daar 'n eie wesenlikheidstoets vir verswygings bestaan. Volgens Reinecke²³⁰ het die Appèlhof in die *Oudtshoorn*-saak net eenvoudig die gemeenregtelike toets vir wesenlikheid geformuleer en toegepas op die betrokke verswygings sonder om te vra of artikel 63(3) van enige belang is. As artikel 63(3) nie op die wetboek was nie, sou the *Oudtshoorn*-toets nie slegs op verswygings nie, maar op alle gevalle van wanvoorstelling toepaslik gewees het. Tegnies het albei sake dus met wanvoorstellings te doen en dit is die onderwerp wat artikel 63(3) dek. Daarmee suggereer Reinecke eintlik dat die *Oudtshoorn*-saak nie onderskei kan word nie, maar omvergewerp behoort te word.

Reinecke²³¹ doen aan die hand dat artikel 63(3) nou verstaan moet word as om 'n nuwe bedeling vir alle gevalle van wanvoorstelling in te lei. Die woorde 'enige voorstelling' in artikel 63(3) moet derhalwe so vertolk word dat dit sowel positiewe voorstellings as verswygings insluit. Die gemeenregtelike wesenlikheidstoets is met ander woorde in versekeringsverband vervang deur 'n nuwe toets. Reinecke is van mening dat so 'n eenvormige reëling vir alle gevalle waar die gedrag van die versekerde geleei het tot 'n verkeerde beeld van die risikofekte by die versekeraar, nie alleen eenvoudiger sal wees om toe te pas nie, maar ook voldoende sal wees om reg en geregtigheid te laat geskied.

228 1993 *TSAR* op cit noot 213 op 774.

229 1985 (2) SA 893 (A) 905.

230 1993 *TSAR* op cit noot 213 op 774.

231 *Ibid.*

Havenga²³² verskil van Reinecke in soverre hy die afleiding maak dat 'enige voorstelling' in artikel 63(3) so vertolk moet word dat dit sowel positiewe voorstellings as verswygtings insluit. Die afleiding word nie gerugsteun deur die *Qilingele*-uitspraak nie. Die Appèlhof het dit duidelik gemaak dat die *Oudtshoorn Municipality*-toets toegepas word in gevalle van verswygtings. Indien die Appèlhof in die *Qilingele*-saak die *Oudtshoorn Municipality*-beslissing (wat 'n baie belangrike uitspraak was) wou omverwerp, sou Kriegler AR dit uitdruklik gedoen het. Hy het die beslissing immers uitdruklik onderskei van die geval *in casu*.

Havenga²³³ is van mening dat, tensy daar in die *Qilingele*-saak vir kousaliteit getoets is, daar ná die *Qilingele*-saak twee toetse vir wesenlikheid bestaan. In die geval van nie-openbaarmaking word die objektiewe *Oudtshoorn Municipality*-toets vir wesenlikheid toegepas, en in die geval van positiewe voorstellings, moet die subjektiewe *Qilingele*-toets toegepas word om vas te stel of die feite wat vals voorgestel is, wesenlik is al dan nie. Hierdie sienswyse word gehandhaaf in *Theron v AA Life Assurance Association Ltd*²³⁴ waar Vivier AR beslis dat Kriegler AR in die *Qilingele*-saak onderskei het tussen die toets vir wesenlikheid in gevalle van die gemeenregtelike nie-openbaarmaking van feite en in gevalle waar die versekerde uitdruklik die waarheid van sy voorstellings in die vorm van 'n waarborg, beaam het.

Davids²³⁵ het ook, ná 'n bespreking van die *Qilingele*-saak, tot die slotsom gekom dat die wesenlikheidsvereiste ingevolge die gemeenregtelike nie-openbaarmaking van feite verskil van die wesenlikheidsvereiste soos neergelê in artikel 63(3). Volgens haar kan die verskil toegeskryf word aan die woord 'waarskynlik' soos in artikel 63(3) gebruik. Indien daar egter geargumenteer word dat die Appèlhof in die *Qilingele*-saak vir kousaliteit getoets het, dan is die Appèlhof se beslissing dat die *Oudtshoorn Municipality*-toets vir wesenlikheid op verswygtings van toepassing is, volgens Havenga obiter. Gevolglik behoort die *Oudtshoorn Municipality*-toets vir wesenlikheid steeds vir wanvoorstellings *per commissionem* en *per omissionem* te geld.

232 (1995) SA Merc LJ op cit noot 116 op 92.

233 Idem op 93.

234 1995 (4) SA 361 (A) op 376.

235 LC Davids 'Disclosure and Insurance Warranties' (1994) 2 Juta's Business Law 12,14.

Madhuku²³⁶ is ook van mening dat die Appèlhof 'n fundamentele fout begaan het deur 'n onderskeid te probeer tref tussen 'n wanvoorstelling (positiewe voorstelling) en die gemeenregtelike plig om wesenlike feite te openbaar. Die korrekte benadering sou wees om die nie-openbaarmaking as 'n wanvoorstelling deur verswyging te hanteer. Die benadering is tog reeds gesetel in ons reg en daar moenie uit die oog verloor word dat versekeringsreg steeds deel is van die kontraktereg nie.

Indien die benadering gevolg is dat nie-openbaarmaking van feite en positiewe voorstellings albei verskynsels van wanvoorstellings is, behoort dieselfde toets vir wesenlikheid vir albei te geld. Gevolglik moes die *Qilingele*-saak die toets neergelê in die *Oudtshoorn Municipality*-saak, toegepas het (*of andersins uitdruklik verworp het en 'n ander toets daargestel het*).

Volgens Visser²³⁷ is die enigste voordeel wat daar uit die 'absurde onderskeid' verkry kan word, die feit dat die effek van die *Qilingele*-saak darem beperk is in die geval van die nie-openbaarmaking van feite. In so 'n geval kry die versekerde nog die voordeel van die *Oudtshoorn Municipality*-toets.

Wat wel duidelik is, is dat die hoofdoel van artikel 63(3), naamlik om die versekerde groter beskerming te verleen teen die versekeraars wat versekeringskontrakte kon aanveg deur staat te maak op 'inconsequential inaccuracies or trivial misstatements',²³⁸ nie na die *Qilingele*-beslissing bereik word nie.

Duidelikheid moet ten slotte eerstens deur 'n wetswysiging gebring word of andersins deur 'n appèlhofuitspraak waar daar teruggegaan word na die basiese beginsels in die versekeringsreg sodat die *Oudtshoorn Municipality*-beslissing weer ten volle kan geld.

236 Op cit noot 225 op 480.

237 Op cit noot 227 op 185.

238 *Qilingele* 1993 supra noot 22 op 74B; *Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurance Ltd* supra noot 56 op 974.

Scholtz²³⁹ dui aan dat hierdie kunsmatige onderskeid net tot groot onsekerheid aanleiding gee. 'n Voorbeeld van die onsekerheid is te vind in *De Waal NO v Metropolitan Lewens Bpk*²⁴⁰ waar die hof gedurig praat van 'dat die oorledene versuim het om te openbaar dat hy aan 'n geslagsiekte...ly...', en 'die versekerde versuim om te openbaar' en weer 'die verswyging deur die versekerde van die feit dat hy aan sifilis gely het...'. Dit is egter nie duidelik watter toets die hof toegepas het nie. Die hof het net bloot beslis dat in die lig van al die beslissings waarna verwys is, dit duidelik is dat die nie-openbaarmaking die risiko wesenlik beïnvloed het. Nêrens dui die hof aan watter een van die *Oudtshoorn-* of *Qilinge/e*-toets toegepas is nie. Havenga²⁴¹ is van mening dat die uitspraak skynbaar gesag vir albei toetse daarstel.

6 OPSOMMING

Na alles blyk dit tog dat die beslissing in die *Qilinge/e*-saak die versekeringsaansoeker baie ongemaklik moet laat voel, veral nadat die versekerde 'n sug van verligting kon slaak nadat artikel 63(3) op die wetboek geplaas is en die daaropvolgende uitspraak in die Appèlhof in die *Oudtshoorn Municipality*-saak gegee is. Dit was duidelik dat daar uiteindelik ook na die belang van die versekerde omgesien sou word. Groter beskerming aan die versekerde was tog die doel van artikel 63(3). Die *Qilinge/e*-beslissing het dus nie daarin geslaag om van die baie belangrike versekeringsregaspekte, asook die uitleg en interpretasie van artikel 63(3), duidelik te maak nie.

239 J Scholtz 'Materiality of a Misrepresentaion or Non-disclosure. "Material" Differences Between South African and English Law' (1995) *De Rebus* 304, 305.

240 Supra noot 101.

241 (1995) SA Merc LJ op cit noot 116 op 96.

BIBLIOGRAFIE

- Boberg PQR 'Insurance Warranties are Trumps' (1966)
83 *South African Law Journal* 220.
- Boberg PQR 'Trumping an Insurance Warranty' (1969)
86 *SALJ* 335.
- Colinvaux R *The Law of Insurance Vyfde Uitgawe* (1984)
Sweet & Maxwell London.
- Davids LC 'Disclosure and Insurance Warranties'
(1994) 2 *Juta's Business Law* 12.
- Davis DM 'The Roman-Dutch Mist over the Duty of
Disclosure' (1985) 9 *SA Insurance Law
Journal* 12.
- Davis DM *Gordon and Getz on The South African Law
of Insurance Vierde uitgawe* (1993) Juta
Kaapstad.
- De Wet JC en Van Wyk AH *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en
Handelsreg Vyfde Uitgawe* (1992)
Butterworths Durban.
- Hasson RA 'The Doctrine of Uberrima Fides in
Insurance Law - A critical evaluation' (1969)
32 *Modern Law Review* 615.
- Havenga P 'Insurance Brokers - Authority to Receive
Premiums' (1989) 1 *South African
Mercantile Law Journal* 250.
- Havenga P 'Die Openbaringsplig by Lewensverse-
keringskontrakte' (1990) 2 *South African
Mercantile Law Journal* 84.
- Havenga P 'Why Sue the Insurer? Sue the Broker'
(1994) 2 *Juta's Business Law* 22.
- Havenga P 'The Test of Materiality in Insurance Law:
Another look at *Qilingele v South African
Mutual Life Assurance Society*' (1995) 7
South African Mercantile Law Journal 251.

- Havenga P 'The Materiality of Representations and Non-disclosures in Insurance Contracts' (1995) 7 *South African Mercantile Law Journal* 90.
- Kerr AJ 'The Duty to Disclose in a Pre-contractual Context - Good Faith and the Role of the Reasonable Man' (1985) 102 *South African Law Journal* 611.
- Lee RW en Honore AM *The South African Law of Obligations* Tweede Uitgawe (1978) Butterworths Durban.
- Madhuku L 'The Up-and-Down Fortunes of the Insured: Is there a Distinction between Misrepresentation and Disclosure?' (1994) 111 *South African Law Journal* 477.
- Merkin R 'Uberrimae Fidei Strikes Again' (1976) 39 *Modern Law Review* 478.
- Midgley JR 'The Objective Test for Materiality - The Need for Analysis and Clarification Remains' (1988) 105 *South African Law Journal* 401-404.
- Neethling J en Potgieter JM *Law of Delict* Tweede Uitgawe (1980) Butterworths Durban.
en Visser PJ
- Onbekend 'Non-disclosure in Insurance (iii)' 1980 *South African Insurance Law Journal* B1.
- Parkington M, Legh-Jones N, Longmore A en Birds J *Mac Gillivray and Parkington on Insurance Law* Agste uitgawe (1988) Sweet and Maxwell London par 148.
- Reinecke MFB 'Wesenlikheid by Versekeringswaarborg en Voorstellings' 1993 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 771.
- Reinecke MFB 'Gordon and Getz on the South African Law of Insurance' (1984) 47 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 95.

Reinecke MFB	'Lake and Others NNO v Reinsurance Corporation Ltd and Others 1967(3) SA 124(W)' (1968) 31 <i>Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg</i> 75.
Reinecke MFB	'Versekeringswaarborg en Artikel 63(3) van die Versekeringswet 27 van 1943' 1994 <i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i> 831.
Reinecke MFB en Becker EA	'Die Openbaringsplig by Versekeringswaarborg en Artikel 63(3) van die Versekeringswet 27 van 1943' 1994 <i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i> 831.
Reinecke MFB en Van der Merwe SWJ	'Die Openbaringsplig by Versekeringswaarborg en Artikel 63(3) van die Versekeringswet 27 van 1943' 1994 <i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i> 831.
Reinecke MFB en Van der Merwe SWJ	'General Principles of Insurance' (1989) Butterworth Pretoria.
Reinecke MFB en Van der Merwe SWJ	'Openbaarmaking van Wesenlike Inligting: Die Inhoud van Pandora se Kissie' 1989 <i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i> 693.
Reinecke MFB en Van der Merwe SWJ	'When Can an Insurer Cancel a Contract on the Ground of Misrepresentation or Breach of Warranty?' 1991 <i>Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg</i> 681.
Scholtz J	'Materiality of a Misrepresentation or Non-disclosure' 1995 <i>De Rebus</i> 304.
Trakman LE	'Mysteries Surrounding Material Disclosure in Insurance Law' 1984 <i>University of Toronto Law Journal</i> 433.
Van der Merwe NJ en Olivier PJJ	<i>Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg</i> Vyfde Uitgawe (1985) Van der Walt Pretoria.
Van der Merwe S, Van Huyssteen LF, Reinecke MFB, Lubbe GF en Lotz JG	<i>Contract General Principles</i> Eerste uitgawe (1993) Juta Kaapstad.
Van der Walt JC	'Criteria for the Determination of Wrongfulness' in WA Joubert (1ed) <i>The Law of South Africa Vol 8 Part 1: Delict</i> (1979) par 20.
Van Niekerk JP	'Enkele Opmerkings oor die Openbaringsplig by Versekeringskontrakte' (1989) 1 <i>South African Mercantile Law Journal</i> 87.

- Van Niekerk JP ‘Section 63(3) of the Insurance Act and the Remedies for Breach of a Warranty in an Insurance Contract’ (1991) 3 *South African Mercantile Law Journal* 114.
- Visser C ‘Misrepresentation in Insurance Applications’ (1994) 2 *Juta’s Business Law* 184.
- Wille G en Millin P *Wille and Millin’s Mercantile Law of South Africa* Agtiende uitgawe (1984) geredigeer deur JF Coaker en DT Zeffertt Horters Johannesburg.

SAKELYS
SUID-AFRIKAANSE REG

- AA Mutual Life Assurance Ass Ltd v Singh* 1991 (3) SA 514 (A)
Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk 1979 (3) SA 824 (A)
Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost 1991 (4) SA 559 (A)
Beyer's Estate v Southern Life Association Co 1938 CPD 8
Bloom's Woollens (Pty) Ltd v Taylor 1962 (2) SA 532 (A)
Bodemer, NO v American Insurance Co 1960 (4) 428 (T)
Bodemer, NO v American Insurance Co 1961 (2) SA 662 (A)
Boyd v Manchester Assurance Co 1905 ORC 26
Broli v London Assurance Co 1931 EDL 186
Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd 1922 AD 33
Colonial Mutual Life Assurance Soc Ltd v MacDonald 1931 AD 412
Cornelissen v Equitable Fire Insurance Co 1861 (4) Searle 35
Cronjé v AA Lewens 1989 (4) 818 (W) 822
De Waal NO v Metropolitan Lewens Bpk 1994 (1) OPA 818
Dicks v SA Mutual Fire and General Insurance Co Ltd 1963 (4) 501 (N)
Du Toit v Atkinson's Motors Bpk 1985 (2) SA 893 (A)
Fine v The General Accident, Fire and Life Assurance Corp Ltd 1915 AD 213
Feinstein v Niggli and Another 1981 (2) SA 684 (A)
Fouché v The Corporation of London Assurance 1931 WLD 145
Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurance Ltd 1976 (4) 970 (W)
Gafoor v Unie Versekeringsadviseurs (Edms) Bpk 1961 (1) SA 335 (A)
Imprefed (Pty) Ltd v American International Insurance Co Ltd 1981 (2) 68 (W)
Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd 1961 (1) 178 (T)
Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd 1968 (2) 238 (OR)
Kern Trust (Edms) Bpk v Hurter 1981 (3) 607 (K)
Labuschagne v Fedgen Insurance Ltd 1994 (2) 228 (W)
Lake and others, NNO v Reinsurance Corp Ltd and others 1967 (3) 124 (W)
Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd 1916 AD 509
Malcher and Malcomes v King Williamstown Fire and Marine Insurance and Trust Co
1883 (3) EDC 271
Minister of Forestry v Quathlamba (Pty) Ltd 1973 (3) SA 69 (A)
Minister van Polisie v Ewels 1975 (3) SA 590 (A)
Mouton v Die Mynwerkersonie 1977 (1) SA 119 (A)

-
- Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A)
- Norwich Union Fire Insurance Society Ltd v South African Toilet Requisite Co Ltd* 1924 AD 212
- Oblowitz Bros v Norwich Union Fire Insurance Soc Ltd* 1924 349 CPD
- Pereira v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1975 (4) SA 745 (A)
- Pienaar v Southern Insurance Life Ass Ltd* 1983 (1) 917 (K)
- Pillay v South African Life Ass Co Ltd* 1991 (1) 363 (D)
- President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk en 'n ander* 1989 (1) SA 208 (A)
- Premier Milling Co (Pty) Ltd v Van der Merwe and others NNO and another* 1989 (2) SA 1 (A)
- Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society* 1991 (2) 399 (W)
- Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society* 1993 (1) SA 69 (A)
- Rabinowitz and Another NNO v Ned-Equity Insurance Co Ltd and Another* 1980 (1) 403 (W)
- Randbank Bpk v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk* 1965 (2) 456 (W)
- Resisto Dairy (Pty) Ltd v Auto Protection Insurance Co Ltd* 1963 (1) SA 632 (A)
- Roome NO v Southern Life Ass of Africa* 1959 (3) 638 (D)
- Sacks v Western Assurance Co* 1907 TH 257
- Schultz v Butt* 1986 (3) SA 667 (A)
- South African Eagle Insurance Co Ltd v Norman Welthagen Investment (Pty) Ltd* 1994 (2) SA 122 (A)
- Steyn's Estate v SA Mutual Life Assurance Soc* 1948 (1) 359 (K)
- Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guards (Pty) Ltd* 1972 (1) 478 (W)
- Theron v AA Life Assurance Association Ltd* 1995 (4) SA 361 (A)
- Town Council of Barberton v Ocean Accident and Guarantee Corp Ltd* 1945 TPD 306
- Venter v Certain Underwriting Agents of Lloyds of London* 1994 (4) 657 (W)
- Van der Merwe Burger v Munisipaliteit van Warrenton* 1987 (1) 899 (NK)
- Whyte's Estate v Dominion Insurance Co of South Africa Ltd* 1945 TPD 382

ENGELSE REG

- Bawden v The London, Edinburgh and Glasgow Assurance Co* [1892] 2 QB 534 (CA)
- Biggar v Rock Life Assurance Co* 1902 1 KB 516
- Brownlie v Campbell* 1880 (5) AC 954
- Bryant v Ocean Insurance Co* 1872 CH App 777

Carter v Boehm 1766 *Burr* 1905, 97 ER 1162

Container Transport International Inc v Oceanus Mutual Underwriting Association (Bermuda) Ltd 1984, Lloyd's Rep 476 (CA)

Joel v Law Union and Crown Insurance Co 1908 2 KB 863 (CA)

Kennedy v Smith and Ansvar Insurance Co 1979 SLT 110

Lambert v Co-operative Insurance Society Ltd 1975 2 Lloyd's Rep 485 (CA)

Newsholme Bros v Road Transport and General Insurance Co 1924 KB 356 (CA)

NIEU-SEELANDSE REG

Blackley v National Mutual Life Assurance 1972 NZLR 1038

WETGEWING

Die Versekeringswet 27 van 1943